Vermorsel elke Opposissie

In Jesus Naam!

Rom. 16: 20

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is ‘n produk deur *Kanaän Bedieninge*, ‘n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- Roly, haar eggenoot vir meer as 35 jaar.

- *River of Life Family Church*
  Pastoor Edward Gibbens
  Vanderbijlpark
  Suid-Afrika
  Tel: +27 16 982 3022
  Faks: +27 16 982 2566
  E-pos: sharmain@rolfc.co.za

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van ‘n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253
Panorama
7506
Kaapstad
Suid-Afrika

John Vorsterrylaan 27
Plattekloof Uitbr. 1
Panorama 7500
Kaapstad
Suid-Afrika

Tel.: +27 (0) 21 930 7577
Faks: 086 681 9458
E-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org
Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9 VM – 3 NM

Kanaan In Europa - Basel

Kanaan Ministries Europe
Oikos International Church
Stiftung b/e/t/e/
Reinacherstrasse 1-3
CH-4142 Münchenstein
Basel, Switzerland
Telefoon: +41 (0) 61 332 15 40
Faks: +41 (0) 61 332 15 69
E-pos: kanaanministries@bete.net
Webblad: www.eu.kanaanministries.org

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING:
STAAN VAS! 5

DEEL 1:

WAT HET BY DIE KRUIS GEBEUR? 7

1. Jesus Christus het vir satan uitgedryf 7
2. Satan is ontwapen by die Kruis 8
3. Satan is gestroop by die Kruis 9
4. Satan is verslaan by die Kruis 9
5. Jesus is tot die Troon verhef by die Kruis 9
6. Gelowiges word Bekragtig by die Kruis 10

VERPLETTER ALLE TEENKANTING 11

1. Die Mees Betekenisvolle hieronder is die sataniese Teenkanting tot die Uitbreiding van die Koninkryk 11
2. Die Teenkanting tot die Redding van die Mens 11
3. Die Teenkanting tot die Bevordering en Welvaart van Die Nasies van die Wêreld 12
4. ‘n Teenkanting van jou Voorspoed en Goeie Gesondheid 12
5. Enigiets wat teen Jou Vrugbaarheid en Produktiwiteit Kom 12

BEGINSELS VIR VERPLETTERING VAN ALLE TEENKANTING 13

1. Aggressiewe Gebed 13
2. Openbaringsgawes 13
3. Vas met Aggressiewe Gebede 13
4. Gebruik jou Geestelike Outoriteit gereeld 14
5. Bid in Tale 14
6. Lewe in geloof 14
7. Die Gebruik van Salwings olie 15
8. Die Militêre Salwing 16

DEEL 2:

KONFRONTEER DIE POORTE VAN DIE VYAND 18

Hoe neem ons die Stryd na die Poorte? 24
Die Doel van die Poorte 24

1. Konfronteer die Poorte deur Profetiese Gebede 25
2. Konfronteer die Poorte deur Aggressiewe Gebede 29
3. Profetiese Gebede en Profetiese Aksies 30
4. Konfronteer die Poorte deur Lofprysing 32

DEEL 3:

NEEM DIE POORTE VAN DIE VYANDE IN BESIT 34

KARAKTERTREKKE EN WERKINGE VAN POORTE 38

DIE HANTERING VAN DIE POORTE 41

BOU EN PLANT 50

STRATEGIE VIR MOBILISASIE 51

GEBEDS STRATEGIEë 54

LAASTENS ...."DEUR MY GEES" - Maak Onmoontlikhede Moontlik 61

DEEL 4:

GEBEDE 63

Die Hantering van sataniese agente van jou Stad/Omgewing 63
Die Hantering van sataniese poorte van jou Stad/Omgewing 65

INLEIDING:

STAAN VAS!

Gal. 5:1 ***"STAAN dan vas*** *in die vryheid waarmee Christus ons* ***vrygemaak*** *het, en laat julle nie weer* ***onder die juk van diensbaarheid bring nie****."*

Die Bybel verklaar dat Christus ons vrygemaak het en dat ons daarin moet vasstaan.

Kol. 1:13 ***"***[13]*Hy wat ons* ***verlos*** *het* ***uit die mag*** *van die* ***duisternis*** *en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde..."*

God het ons verlos van die mag van duisternis en ons oorgebring na die Koninkryk van Sy Seun. Ons is verlos deur wat Jesus aan die Kruis gedoen het op Golgota. Ons is vrygemaak. **Posisioneel** gesproke, is ons vrygemaak van sonde, dood, armoede, siektes en sataniese bindinge. **Prakties gesproke**, moet ons ons eie redding uitwerk met vrees en bewing.



Fil. 2:12 ***"***[12]*Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid,* ***werk julle eie heil uit met vrees en bewing****;"*

Die **verantwoordelikheid om te staan** in hierdie vryheid, rus vierkantig op ons skouers. Die woorde, **"staan vas"** is 'n militêre term wat beteken om **"ferm te staan"**, en nie toe te laat dat enigiets jou omstoot of laat steier nie. Onbeweeglik, nie te laat intimideer, nie toe te laat dat die grondgebied onder jou bevel weggeneem word nie, dit is wat 'staan vas' beteken.

Die probleem wat die Kerk het, is nie 'n probleem van vryheid nie, dit is 'n probleem van **staan;** hoe om haar stand in vryheid te behou.

Die duiwel behoort die een te wees wat gedurig van ons af moet weghardloop. Hy behoort bang te wees vir 'n Christen en nooit andersom nie. Tog treiter en teister hy mense, omdat hulle nie weet hoe om teen hom te **staan** nie. Die oorwonne vyand is veronderstel om onder ons voete te wees.

Die toepassing van outoriteit beteken nie dat ons 'n nuwe outoriteit skep nie. Dit is die **uitvoering** van outoriteit wat aan ons gegee is – 'n oorwinning wat klaar behaal is. Ons **pas bloot die oorwinning van Golgota toe** op elke teenkanting van die poorte van die hel. Dit is waarvoor ons geroepe is. Ons is nie geroep om 'n nuwe outoriteit te skep nie, maar om toe te pas en te gebruik wat alreeds aan ons gegee is.

Wat presies gebeur het aan die Kruis, moet goed verstaan word deur elke gelowige ten einde effektiewe outoriteit te kan uitoefen oor die duiwel.

Ons oorwinning is gebaseer op die **kennis van die oorwinning op Golgota.** Jou oorwinning van die vyand is gebaseer op wat daar gebeur het. Wanneer jy aandring op Christus se oorwinning en satan herinner aan Golgota, **moet** hy oorgee.
Sedert sy neerlaag in die Hemel en sedert sy neerlaag aan die Kruis, probeer satan om die bordjies te verhang met die Almagtige God, maar hy kan nie. Dus probeer hy om almal seer te maak wie aan God behoort en vir Hom kosbaar is. Dit is omdat, wanneer hy hulle seermaak, hy ook indirek die Hart van die Vader seermaak.

Dit is dus aan ons as gelowiges oorgelaat om te weet hoe om satan te hanteer. Ons behoort te weet hoe om hom te verpletter en te verlam.

DEEL 1:

WAT HET BY DIE KRUIS GEBEUR?

1. **Jesus Christus het vir satan uitgedryf.**

Joh. 12:31-33 *"[31]Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld,* ***nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word.***
[32]En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek.
[33]En dit het Hy gesê om aan te dui hoedanige dood Hy sou sterwe."

By die Kruis het die Here die duiwel formeel uitgedryf. Nadat satan uit die Hemel gedryf is, het hy na die aarde gekom as 'n swerwer soos die **Boek van Job** en **Openbaring 12** sê. By die Kruis is hy verplaas en hervestig.

Die Bybel noem hom die prins van hierdie wêreld, maar na die nederlaag by Golgota, moes satan sy hoofkwartier verskuif vanaf die aarde na die **tweede hemel.** Dus, die Kruis het satan hervestig. Alhoewel sy demone hier op aarde besig is met waarnemende take, terwyl hulle manne en vroue monitor en teister, is satan self nie fisies op die aarde nie. Hy is in die tweede hemel, en probeer die aarde daarvandaan beheer.

DIE DRIE HEMELE



2. SATAN IS ONTWAPEN BY DIE KRUIS

Die woord **"ontwapen"** is verkry van 'n Griekse woord ***acapekoyo***, wat beteken ***"om totaal van stryk af te bring"***, ***"om algeheel te ontklee"*** en daardeur kragteloos te maak.

Kol. 2:15 *"[15]nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle **in die openbaar** tentoongestel en daardeur **oor hulle getriomfeer** het."*

God het 'n openlike spektakel van hulle gemaak by die Kruis, en satan is ontwapen en gestroop van sy mag en outoriteit.

In die ou dae, wanneer 'n offisier van die koning ontslaan is, is hy na die openbare plein geneem in volle uniform met medaljes.

Die koning sou dan 'n junior offisier roep om al die medaljes van die offisier in onguns, te verwyder en hom te ontklee. Hy is nakend uitgetrek en teruggelei na sy huis onder luide gespot van die toeskouers.

Dit is wat met die duiwel gebeur het toe Jesus aan die Kruis gesterf het.

Wat was die outoriteit van satan?
Die Bybel sê dat hy die **sleutels van die doderyk en die hel** gehad het. Hy kon mense opsluit, **doodmaak** en vernietig, net wanneer hy wou. Dus, die **doel** van Jesus Christus se sterwe aan die kruis, was nie slegs om die regsbevel van God te bevredig nie, maar ook om die **sleutels van outoriteit** wat die duiwel gehad het, af te neem.

Heb. 2:14 *"[14]Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom **tot niet kon maak** wat **mag oor die dood het**—dit is die duiwel—"*

Na Jesus se opstanding, lees ons in die Boek van Openbaring:

Open. 1:18 *"[18]...en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die **sleutels van die doderyk en van die dood**"*

Die **sleutels van Dawid** is die simbool van **outoriteit.** Jesus het daardie sleutels weggeneem by satan en van daardie dag af het die duiwel alle outoriteit verloor om dood te maak en te vernietig soos hy wil.

Dus, jou lewe is in God se Hande. Satan kan jou nie doodmaak soos hy dit voorheen kon doen met ander voor die Kruis nie. Die angel van die dood is getrek en die dood is deur oorwinning ingesluk.

3. SATAN IS GESTROOP BY DIE KRUIS

Jesus het satan ook gestroop van sy regalia en uniform van outoriteit wat hy gebruik het om die hele wêreld mee te mislei.

Kol. 2:15 *"15...nadat Hy die owerhede en magte **uitgeklee** en hulle in die **openbaar tentoongestel** en **daardeur oor hulle getriomfeer** het."*

Dus, as jy die persoon van die duiwel verstaan, hoef jy nie meer vir hom, en ook nie wat hy aan jou kan doen, te vrees nie. Jy moet 'n duidelike begrip hê van wie jy in die Here Jesus is. (Sien **Outoriteit en Rangorde –** Lering beskikbaar by Kanaan Bedieninge).

4. SATAN IS VERSLAAN BY DIE KRUIS

Die Griekse woord, ***Katargeo,*** kom van **"om buite aksie te stel en waardeloos te maak".** Dit is presies wat met satan gebeur het. Die Kruis het hom buite aksie gestel.

5. JESUS IS TOT DIE TROON VERHEF BY DIE KRUIS

Efes. 1:19-22 *"19...en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte*
*20wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die **dode opgewek** het en Hom **laat sit** het aan sy regterhand in die hemele,*
*21**bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam** wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige.*
*22En Hy het **alle dinge onder sy voete onderwerp** en Hom as **Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee..."***

Fil. 2:9-11 *"9Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n **naam gegee wat bo elke naam is,***
*10sodat in die Naam van Jesus sou buig **elke knie** van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,*
*11en **elke tong** sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader."*

6. GELOWIGES WORD BEKRAGTIG BY DIE KRUIS



Mat. 28:18 *"[18]En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee **alle mag** in die hemel en op aarde."*

Jesus het Sy dissipels opdrag gegee om uit te gaan in Sy Naam, om dissipels te maak van alle nasies, omdat alle outoriteit en mag aan Hom gegee is.

Luk. 10:17-19 *"[17]En die sewentig het met blydskap teruggekom en gesê: Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in u Naam.*
[18]Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val.
*[19]Kyk, **Ek gee aan julle die mag** om op slange en skerpioene te trap, en oor **al die krag van die vyand;** en niks sal julle ooit skade doen nie."*

Golgota het aan ons **Christus-gelyke outoriteit** gegee. Ons kan heers in Sy Naam met Sy outoriteit volgens Sy wil en planne.

Jak. 4:7 *"[7]Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug."*

Om te **weerstaan**, beteken om "ferm te staan", en jou posisie te behou. **"Weerstaan"** is 'n **militêre term** wat beteken, "staan met aggressie", "kom te staan teen". Wees offensief. Weerstaan die duiwel en hy sal wegvlug!

1 Pet. 5:8-9 *"[8]**Wees nugter en waaksaam**, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.*
*[9]Hom moet julle **teëstaan, standvastig** in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is.*



Jy behoort die duiwel te weerstaan, jou standpunt in te neem en hom te vertel dat jy die waarheid weet. Wanneer hy teistering, gedagtes of ongelukke, mislukking, dood, of wat ookal bring, moenie bang wees nie. Weerstaan hom in Jesus Naam en sê, ***"Ek stem nie met jou saam nie, satan, dit is wat Golgota vir my gedoen het ...."*** Dan wys jy vir hom uit die Woord watter wettige gronde jy het om op te staan wat betref jou situasie. Wees gewelddadig met 'n **heilige durf** teen die duiwel en hy sal sekerlik wegvlug.

Baie gelowiges het te beleefd geraak in hul gebede en in hul ingesteldheid teenoor die duiwel. Ons gedra ons asof Christenskap nie 'n militêre mag is nie. Daar is geen beskaafde lewe in Christenskap nie. Die Woord praat van, ***"stry die goeie stryd van geloof", "die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar magtig deur God..."***

VERPLETTER ALLE TEENKANTING

Ons moet al ons vyande **verpletter. Verplettering** verskil van nederlaag. Wanneer ons praat van die oorwinning van alle teenkanting, beteken dit dat ons hulle vandag mag oorwin, maar more kan hulle weer saamtrek teen ons vir 'n aanval. Wanneer jy 'n teenstander verpletter, **vernietig jy hom algeheel.** Dus, verplettering is beter as nederlaag. Dit neem **groter mag** om 'n teenstander vir eens en vir altyd te verpletter. Dit is soos om 'n voorhamer te gebruik om 'n muskiet mee dood te slaan!!

Watter teenkantings is daar in ons lewens wat deur ons verpletter moet word? Nommer een teenkanting wat God van ons verwag om te verpletter, is enigiets wat teen die saak en plan van God staan op hierdie aarde. Daar word van 'n kind van God verwag om 'n aanval te loods teen wat ookal teen die wil en die plan van Almagtige God op hierdie aarde staan.

1. **DIE MEES BETEKENISVOLLE HIERONDER IS DIE SATANIESE TEENKANTING TOT DIE UITBREIDING VAN DIE KONINKRYK.**

Mat. 6:10 ***"***[10]*laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde..."*

Dit is die wil van God dat Sy Koninkryk op aarde moet kom en Sy wil hier moet geskied soos in die Hemel. God wil hê dat **vrede, reg, geregtigheid, en vreugde moet heers** op aarde. Dus, wat ookal staan teen die vrede van God, Sy geregtigheid en die uitbreiding van Sy werk op die aarde, is ons vyand!

'n Kind van God moet 'n aanval loods teen sulke teenkanting. Daar is baie helse teenkanting wat vandag die doel, wil en werk van God aanval. Ons is geroep om dit te verpletter in die Almagtige Naam van Jesus.

Met gebede van geestelike oorlogvoering, sal ons sien hoedat mure van teenkanting en **"Jerigo mure"** voor ons oë verkrummel. Ons sal die **redding van God** sien in ons land!

2. **DIE TEENKANTING TOT DIE REDDING VAN DIE MENS**

1 Tim. 2:1-4 ***"****IN die eerste plek vermaan ek dan dat* ***smekinge, gebede, voorbedes, dankseggings*** *gedoen moet word vir* ***alle mense****;*
[2]*vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid.*
[3]*Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser,*
[4]***wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom****."*

God wil hê dat alle mense gered word en tot die volle kennis van die Seun van God moet kom. Dus, elke teenkanting tot die redding van die mensdom, moet mee gehandel word en vir eens en vir altyd verpletter word.
Ons moet **die oordeel uitvoer** wat daarteen geskrywe staan, in Jesus Naam.

3. DIE TEENKANTING TOT DIE BEVORDERING EN WELVAART VAN DIE NASIES VAN DIE WêRELD

Ps. 67:1-6 *"[2]Mag God ons genadig wees en ons seën; mag Hy sy aangesig by ons laat skyn! Sela.*
*[3]Sodat die mense op aarde u weg kan ken, onder al die nasies u **heil.***
*[4]Die volke sal U **loof,** o God, die volke almal saam sal U **loof.***
*[5]Die nasies sal **bly wees en jubel,** omdat U die volke regverdig oordeel en die nasies op aarde lei. Sela.*
*[6]Die volke sal U **loof,** o God, die volke almal saam sal U loof.*
*[7]Die **aarde** het sy **opbrings** gelewer; God, onse God, sal ons seën.*
[8]God sal ons seën, en al die eindes van die aarde sal Hom vrees."

Die wil van God is dat die hele **aarde** Hom moet **prys** vir Sy seëninge. Dit is die ewige raad van God. Dus, enigiets wat teen die vrugbaarheid van die nasies staan en wat verhinder dat die nasies van die wêreld **lofprysing en heerlikheid** aan God bring, is 'n teenkanting. Ons moet daarteen kom en dit verpletter.

4. 'N TEENKANTING VAN JOU VOORSPOED EN GOEIE GESONDHEID

3 Joh. 1:2 *"[2]Geliefde, ek wens dat dit met jou in **alles goed mag gaan** en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan;"*

God wil hê dat jy en al die lede van jou huisgesin voorspoedig en in goeie gesondheid moet wees. Dit is die wil van God. Daar is geen deugsaamheid of heiligheid in armoede nie. God wil nie hê dat ons verkeerd moet glo of lewe nie. Hy is 'n God van **welvaart** en Hy wil hê ons moet ons geloof beoefen en neem wat aan ons behoort. Dus, **enigiets wat in die pad staan van jou gesondheid en welvaart, is 'n teenstander wat verpletter moet word.** Jy behoort **gewelddadig** op te staan teen so iets. Moet dit onder geen omstandighede vertroetel of verdra nie. **Verpletter** dit totdat dit nie meer kan opstaan nie.

5. ENIGIETS WAT TEEN JOU VRUGBAARHEID EN PRODUKTIWITEIT KOM

Gen. 1:27 – 28 *"[27]En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.*
*[28]En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: **Wees vrugbaar en vermeerder** en **vul die aarde**, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip."*

Dank God dat jy reeds in die lendene van Adam was toe God hom geseën het. Dus, jy is geseënd saam met hom. Van jou word verwag om **vrugbaar te wees, te vermeerder, te vul, te onderwerp en te domineer.** Hierdie is die **vyfvoudige skeppings-seëninge.**

Dus, in enige lewe waar hierdie dinge nie vervul word nie, is daar groot fout. Wat ookal dit is wat staan teen jou **vrugbaarheid**, is 'n teenstander wat verpletter moet word.

Toe God gesê het "vul die aarde", was Sy bedoeling dat ons die aangesig van die aarde moes vul. Toe Hy gesê het, onderwerp dit, het Hy bedoel dat die aarde onder ons beheer gebring moes word. **Heerskappy** is die hoogste vorm van outoriteit en wat ookal jou verhinder om heerskappy te besit, of jou verhinder om jou omgewing en situasies te onderwerp, is 'n teenstander wat verpletter moet word.

BEGINSELS VIR VERPLETTERING VAN ALLE TEENKANTING

1. AGGRESSIEWE GEBED

Dit is 'n militante gebed met heilige woede teen die vyand.
Ons kan dit noem: OPERASIE **PUSH.**
Pray **U**ntil **S**omething **H**appens. **(P-U-S-H)**

2. OPENBARINGSGAWES

Die woord van kennis, woord van wysheid, onderskeiding van geeste, profesie, drome en visioene - hierdie is alles instrumente om te gebruik om die teenkanting van die duiwel te verpletter. Baie van wat met die mens gebeur, is normaalweg lank voor die tyd openbaar aan die kinders van God wie sensitief vir Sy stem is. God openbaar wanneer en waarvandaan die aanval gaan kom en van wie.

Bid dat God jou oë sal open deur **drome en openbarings** sodat jy die **bron** van jou probleme kan sien. Met hierdie kennis, sal jy dan in staat wees om die vyande aan te val met 'n voorhamer om hulle sodoende totaal te verpletter.

3. **VAS MET AGGRESSIEWE GEBEDE** (Sien Jesus se Gebed en Lering oor vas beskikbaar by Kanaan Bediening)

4. GEBRUIK JOU GEESTELIKE OUTORITEIT GEREELD



Spreek die Woord van God op ‘n gereelde basis uit; wat God van jou en jou gesin en situasie sê. Dit veroorsaak **proklamasies** in die **Hemele** wat die atmosfeer rondom jou en jou gesin deurdrenk. Die woorde wat jy spreek, vorm dan “wolke” wat sal “uitreën” oor jou en jou situasie. Moenie ophou om die Woord te spreek nie, selfs al gaan jy deur ‘n baie taai stryd en al voel dit asof niks gebeur nie. Onthou dat God se Woord nooit leeg terug sal keer nie!!!

Jes. 55:11 *“[11]so sal **my woord wees** wat **uit my mond** uitgaan: dit sal **nie leeg na My terugkeer** nie, maar **doen** wat My behaag en **voorspoedig** wees in alles waartoe Ek dit stuur.”*

5. BID IN TALE

Om in tale te bid is ‘n kragtige wapen. Dit vorm deel van die wapenrusting waarvan **Efes. 6** praat.

Efes. 6:8 *“[18]terwyl julle met **alle gebed en smeking by elke geleentheid** bid **in die Gees,** en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges...”*

Die verstand weet nie altyd wat om te bid nie, maar die Heilige Gees weet alle dinge. Ons moet Hom toelaat om deur ons te bid volgens:

Rom. 8:26-27 *“[26]En net so **kom** ook die **Gees ons swakhede te hulp**, want **ons weet nie reg wat ons moet bid nie**, maar die Gees self **tree vir ons in** met **onuitspreeklike sugtinge.***
[27]En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree.”

6. LEWE IN GELOOF

Ons moet glo dat God is wie Hy sê Hy is. Ons moet weet dat Hy altyd Sy Woord sal rugsteun.

Efes. 6:16 *“[16]Behalwe dit alles neem die **skild van die geloof** op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.”*

Dan. 6:24 *“[24]Toe het die koning baie bly geword en bevel gegee om Daniël uit die kuil op te trek. So is Daniël dan uit die kuil opgetrek **sonder dat daar ’n letsel aan hom gevind** is, **omdat hy op sy God vertrou het**.”*

Daniel het op die Here sy God vertrou. Dit was die krag van geloof wat Daniel beskerm het sodat hy nie beseer of doodgemaak is deur die leeus nie. Hy het bloot geglo dat niks hom kon seermaak nie, omdat sy God in staat was om hom te beskerm.

Jes. 54:17 *"[17]Elke **wapen** wat teen jou gesmee word, **sal niks uitrig** nie; en **elke tong** wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy **weerlê.** Dit is die **erfdeel** van die knegte van die HERE en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die HERE."*

Num. 23:23 *"[23]Want daar **is geen towery** teen Jakob of **waarsêery** teen Israel nie. Nou sal van Jakob en van Israel gesê word wat God gedoen het."*

As jy al die deure van jou verlede, sowel as die deure wat jou voorvaders vir die duiwel oopgemaak het, toegemaak het, is daar geen towery of heksery, waarsêery of magiese kuns wat teen jou uitgevoer kan word nie.

As jy hierdie dinge weet en dit glo en dit is vasgelê in jou gees, kan jy deur die vallei van doodskaduwee gaan sonder om enige boosheid te vrees.

7. DIE GEBRUIK VAN SALWINGS OLIE

In **Eks. 30:22-33** gee die Here aan ons die bestanddele van die heilige salwings olie vir die heiliging en afsondering van die heilige voorwerpe van die heiligdom en die priesterskap van God. Hierdie olie is beskou as heilig en moes nooit op 'n algemene manier gebruik word nie.
Elke voorwerp wat gesalf is daarmee, het 'n gewyde voorwerp geword en is beskou as heilig. Oral deur die Skrif kan ons lees waar olie uitgegooi is op 'n persoon of 'n voorwerp met die doel om dit aan God toe te wy.

1. In **Genesis 28:18** het Jakob olie uitgegooi op 'n klip en God het daardie plek uitgesonder. Dit is genoem Bethel – die Huis van God.
2. Die profeet Samuel het olie op Saul gegooi, en hom gesalf as koning van Israel (**1 Sam. 10:1)** en op Dawid, en hom gesalf as koning na Saul **(1 Sam. 16:13).**
3. Sadok, die priester, het Salomo gesalf as koning van Israel **(1 Kon. 1:39).**
4. God het aan Elia gesê om Elisa te salf as profeet wat Elia se plek sou neem **(1 Kon. 19:16).**
5. Die hoë priester, Jojada, het die 7-jarige Joas gesalf om te regeer oor Juda en so die bose indringer Atalia omvergewerp **(2 Kon. 11:12).**

Daar is vele sulke wonderlike verhale van hoe die mag en outoriteit oorgedra of oorgegee is op 'n plek of 'n persoon wanneer dit met olie gesalf is. God gee erkenning aan hierdie daad van geloof en gehoorsaamheid.

Jak. 5:14-15 *"[14]Is daar iemand **siek** onder julle? Laat hom die **ouderlinge** van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met **olie gesalf** het.*
*[15]En die gebed van die geloof **sal die kranke red,** en **die Here sal hom oprig**. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom **vergewe** word."*

Daar is nie slegs genesing nie, maar ook vergifnis wat plaasvind wanneer die genesende aanraking van die Here vrygestel word oor 'n siek persoon of land.

Die olie verteenwoordig die Heilige Gees Wie 'n **SEëL** is.

Efes. 1:13 ***"**[13]...in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, **verseël is met die Heilige Gees van die belofte..."***

***2 Kor. 1:20-22** **"**[20]Want **hoeveel beloftes van God** daar ook mag wees, **in Hom is hulle ja en in Hom amen,** tot heerlikheid van God deur ons.*
*[21]Maar Hy wat ons saam met julle **bevestig** in Christus en ons **gesalf** het, is God,*
*[22]wat ons ook **verseël** het en die **Gees as onderpand** in ons harte gegee het."*

Wanneer ons mense salf of enige van ons besittings (wat alles ingesluit is in die Verbonds ooreenkoms), seël ons dit af en verklaar aan satan dat hy geen reg het om te raak aan wat aan God behoort nie; ons en ons besittings is Verbonds eiendom in Jesus Naam.

8. DIE MILITêRE SALWING

Dit is die salwing van Jehu, die salwing van geweld.

In **2 Kon. 9 en 10** sien ons hoedat die militêre salwing begin werk op Jehu, die koning van Israel. God het Elia aangesê om Jehu as koning te salf. Elia het hierdie opdrag deurgegee aan Elisa. Elisa het een van die seuns van die profete gestuur om dit te doen. Dit was 'n salwing wat van Elia gekom het, oorgedra aan Elisa en toe oorgedra na 'n seun van die profete. Dit was 'n drievoudige salwing.

Toe die olie Jehu se kop aanraak, sê die Bybel, het hy gewelddadig geword, opgestaan en die soldate het gevra: ***"Wat het gebeur?"*** Hy het geantwoord, ***"Ek is as koning gesalf oor Israel".***
Hulle het geantwoord, ***"Wat ookal u doen, sal ons doen, en waar u gaan, sal ons gaan".***

Hulle het toe ‘n wydverspreide massa-slagting uitgevoer op die Baal aanbidders, wat ongeveer 5 jaar geduur het. Deur die militêre salwing op Jehu, het hy koning Joram van Israel, koning Amasia van Juda, Koningin Jesebel, al die afstammelinge van Agab, al die offisiere van Agab, al die familielede van koning Ahasia, al die familielede van Jesebel en al die aanbidders van Baal, vernietig. Nadat hy gehandel het met al die vyandige magte, het die land gerus. Daar was vrede.

Die Here sal jou salf vir **oorlog** en die **militêre salwing** sal elke juk van teenkanting en oppressie in jou lewe, besigheid, bediening en gemeenskap verbreek in Jesus Naam.

DEEL TWEE
KONFRONTEER DIE POORTE VAN DIE VYAND

Jes. 28:5-6 ***"***[5]*In dié dag sal die* HERE *van die leërskare wees tot 'n sierlike kroon en 'n pragtige krans vir die oorblyfsel van sy volk,*
[6]*en tot* ***'n gees van strafgerig*** *vir* ***hom wat sit oor die gereg****, en tot 'n* ***sterkte vir hulle wat die geveg terugdring na die poort toe."***

In bogenoemde vers het God die woord **"hom"** (enkel voornaamwoord) gebruik vir manne wat in gereg sit. Die implikasie is dat gelowiges wat die stand bereik het waar hulle oordeel kan uitvoer, nie baie is nie. Slegs 'n paar gelowiges bereik daardie vlak van salwing waar hulle die oordele wat geskryf staan op die teenstanders van die Here, kan uitvoer. (Die **ouderlinge van die stad** sit in die poorte en dit verwys gewoonlik na die pastore/leiers in daardie stad).
Dit is hoekom die Bybel sê, *"want 'n gees van strafgerig vir* ***hom*** *wat sit oor die gereg".*

Maar, wanneer dit praat van die stryd wat na die poorte gedraai word, gebruik dit ***"hulle",*** meervoud.

Die rede vir hierdie onderskeiding, is dat die **veel-ledige** Liggaam van Christus die verantwoordelikheid opgelê is om die stryd na die poorte te draai. M.a.w., die stryd van hierdie laaste dae sal nie slegs vir 'n paar mense of slegs een mens wees nie, maar dit sal 'n stryd wees wat deur baie mense geveg word. Hier sê die Bybel, ***"God sal tot 'n sterkte wees".*** M.a.w., **God sal krag voorsien aan elkeen wie betrokke is in die stryd van hierdie laaste dae as die stryd na die poorte van die vyand gedraai word.**

Gen. 22:15-17 ***"***[15]*Toe roep die Engel van die* HERE *vir die tweede keer na Abraham van die hemel af*
[16]*en sê: Ek sweer by Myself, spreek die* HERE*, omdat jy dit gedoen het en jou seun, jou enigste, nie teruggehou het nie,*
[17]*dat Ek jou ryklik sal seën en jou* ***nageslag grootliks sal vermeerder*** *soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is;* ***en jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem."***

God het hierdie seëning uitgespreek oor vader Abraham, bloot omdat hy die stem van die Here gehoorsaam het deur bereid te wees tot die offerande van Isak, sy seun. Toe hy God gehoorsaam het, het die Here besluit om ewige seëninge op hom uit te stort. Een van die seëninge wat God aan Abraham gegee het, was die inbesitneming van die vyand se poorte deur sy nageslag. God het gesê, ***"jou nageslag wat uit jou sal voortkom, sal die poorte van die vyande in besit neem".***

Een vertaling sê, ***"jou nageslag sal altyd die rugkant van hul vyande sien in die stryd".***

God het vantevore aan Abraham gesê dat hy die vader van baie nasies gaan wees. Uit die lendene van Abraham het die Jode gekom, die fisiese Israeliete; maar uit die gees van vader Abraham het die nie-Joodse Christene (onbesnedenes) gekom wie in die Here Jesus Christus geglo het.

Gal. 3:29 *"[29]En as julle aan Christus behoort, dan is julle die* ***nageslag van Abraham*** *en volgens die belofte* ***erfgename."***

Dus behoort alle Nuwe Testamentiese gelowiges aan die huis van Abraham en dit is hoekom ons beslag kan lê op Abraham se seëninge. Omdat Abraham ons vader is in God se oë, beteken dit dus dat in elke stryd, **moet die saad van Abraham oorwinnend** wees.

Mat. 16:18 ***"***[18]*En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die* ***poorte van die doderyk*** *sal dit nie* ***oorweldig*** *nie."*

Hierdie volgehoue gebruik van een woord in drie verskillende skrifgedeeltes, maak dit baie belangrik. Ons moet bepaal waarvoor **POORTE** nou eintlik staan. Baie keer wanneer mens die woord poorte noem, dink mense sommer maklik aan 'n deur waardeur iemand 'n huis binnegaan, of 'n stad, of 'n ingang na 'n groot saal of 'n paleis/kasteel.
Wanneer die Bybel egter die woord **POORTE** gebruik, beteken dit iets anders.

"Die hekke van die hel" bewys dat die hel een of ander vorm van poort het. Hierdie skrifgedeelte laat ons verstaan dat daar 'n voortdurende konflik bestaan tussen die poorte van die hel en die Liggaam van Christus. Alhoewel hierdie geveg vurig is, verseker God ons van oorwinning oor die poorte van die hel.

Rut 4:1-4 ***"****EN Boas het opgegaan na die* ***poort*** *en daar gaan sit. En toe die losser juis daar verbygaan van wie Boas gespreek het, sê hy: Vriend, kom nader, en sit hier! En hy het nader gekom en gaan sit.*
[2]Daarop neem hy tien man uit die ***oudstes van die stad*** *en sê: Sit hier! En hulle het gaan sit.*
[3]En hy sê vir die losser: Die stuk grond van ons broer Eliméleg wil Naómi, wat uit die veld van Moab teruggekom het, verkoop.
[4]Nou het ek gedink, ek sal jou dit meedeel en sê: Koop dit voor die wat hier sit, en voor die oudstes van my volk; as jy wil los, los dan; maar as jy nie wil los nie, gee my te kenne, dat ek dit kan weet, want daar is niemand om te los behalwe jy nie, en ek ná jou. En hy antwoord: Ek sal los."

Hier sien ons 'n man genaamd Boas wat die erfenis van sy gestorwe familielid Elimeleg, wou "los". Hy wou met **Rut** trou. Hy het die oudstes van die stad byeengeroep en hulle na die **poorte** geneem. Dit was nie 'n fisiese poort buite die stad waar hulle gaan sit het nie, maar **'n plek van ontmoeting, 'n vergaderplek**, 'n plek waar **besluite** geneem is.

Boas het hulle daarheen gebring om met hulle te bespreek hoe hy by Rut betrokke geraak het, en sy voorneme om Rut te "koop", asook al die grond wat aan Elimeleg behoort het. Die oudstes van die stad het 'n paar dinge gedoen volgens die gebruik van daardie dae en uiteindelik het hy Elimeleg se eiendom losgekoop, insluitende die vrou Rut.

Ons moet daarop let dat hierdie besluite nie in die huis geneem is nie. Besluite van hierdie aard moet op 'n spesifieke plek, in 'n spesifieke area geneem word deur die **ouderlinge van die stad.** Dit was nie die jong manne van die stad wat die besluit moes neem nie. Dit was gewoonlik die **oudstes van die stad** wie moes besluit op **oordraging van erfenis.** Hierdie edeles van die stad is na 'n spesifieke plek geneem waar 'n **raadsvergadering** gehou is en 'n besluit wat **lewenslank bindend** was, is geneem.

Ps. 9:14 ***"***[14]*Wees my genadig, HERE, aanskou my ellende vanweë my haters, U wat my verhef uit die* ***poorte van die dood..."***

Die Psalmis praat van om uitgelig te word uit die **poorte van die dood.** Die **poort van die dood** beteken die hande van dood, die mag van dood, of die heerskappy van dood. God het hom bevry uit die **houvas** en **heerskappy** van die dood. Die woord **POORT** in hierdie verband, beteken die houvas, die mag en die greep van die dood.

Die POORT beteken bloot 'n plek van samekoms of 'n parlement, of in sommige ander gevalle, kan dit beteken 'n tolhek of 'n konfederasie of 'n samekoms.

Jesus het gesê, ***"Ek sal My Kerk bou en die hekke van die hel sal nie daarteen kan staande bly nie."***
Wat Hy bedoel het, was dat geen konfederasie, samekoms, heerskappy of enige hindernisse uit die hel teen Sy Kerk sou kon staande bly nie.

Dus, 'n POORT is 'n plek waar **besluite** geneem word. Dit is die huis van samekoms van die hel, 'n plek waar demoniese magte saamkom. Hulle ontmoet daar om besluite te neem en hul aanvalle op die Liggaam van Christus te loods, asook op alle ander belange van God op aarde. Elke vyand wat ons as individue het, asook alle vyande wat die Kerk het, se sitplekke is by die poort.

Geestelik gesproke is **poorte** dus die plekke waar oor sake aangaande **redding, bevryding en genesing** besluit word.

Dus, indien 'n stad/dorp se poort aan God toegewy is, gaan die pad oop vir die siele van daardie stad/dorp, sodat hulle Christus as die Koning van Heerlikheid kan ontvang.

Skriftuurlike bewys dat poorte in die gees wel bestaan

Jakob se Droom:

Gen. 28:12, 17b *"[12]En hy het gedroom—daar is 'n leer op die aarde opgerig waarvan die spits tot aan die hemel reik, terwyl die engele van God daarlangs opgeklim en daarlangs neergedaal het.*
Dit is hier niks anders as 'n huis van God nie, en dit is hier die ***poort*** *van die hemel."*

Dit dui daarop dat daar 'n **poort** is waardeur mens moet gaan om die Hemel binne te gaan en toegang te verkry tot die Huis van God. Dit is interessant om te sien dat daar **engele in en uit beweeg het.** Dit dui daarop dat daar nogal 'n taamlike **verkeer** is naby die **poorte** en om te kan ingaan, vra 'n **proses** in die **verloop van tyd.**

Voorbeeld

Net dieselfde as wanneer jy by 'n lughawe land en deur die doeane ens. moet gaan. Jy kom in deur 'n plek en jy gaan uit deur 'n plek – daar is 'n prosedure. Dieselfde is in die geesteswêreld van toepassing: Dit is nie so dat geeste sommer oral oor die plek rondvlieg nie – daar is **werklike openinge en poorte, bv. sterre poorte** vir die konstellasies en planete vir die hemelse wesens. Dit is hoekom hulle rituele doen om **poorte** oop te maak in die geestesrealm, anders kan hulle nie toegang tot plekke verkry nie.

Nog 'n voorbeeld van 'n proses in die verloop van tyd, is die proses om God se poorte en Troonkamer binne te gaan.

In God se Koninkryk weet ons dat daar in werklikheid 'n **proses** is waardeur die **Allerheiligste** binnegegaan word. In die Woord leer ons dat daar **stappe** bestaan in **lofprysing en aanbidding**, asook **stappe** in **gebed.** Daar is ook stappe voordat ons die Troon van Vader God kan bereik. Daar is **verskillende vlakke** en daar is mense wat bid by hierdie verskillende vlakke. Daar is plekke uitgehou reg by die Vader, naby Hom, soos Johannes wat sy kop op die bors van Jesus neergelê het. Dit is waar **intimiteit** met God is. ***Waar is jy en waar wil jy graag wees?***

In die gees vind ons poorte wat aan God behoort en ander wat aan die vyand behoort. Hierdie verteenwoordig plekke in die gees waar die heerskappy van die spesifieke gees aanwesig is en waaragter die stryd vir siele plaasvind.

Niemand word sommer per ongeluk aangeval nie. Voordat jy aangeval word, miskien in 'n droom, in jou huis, in jou kantoor, of in jou motor, moet jy weet dat sulke besluite eers iewers anders geneem is voor die werklike plaasvind daarvan.

Die Kerk moet weet dat die duiwel baie **georganiseerd en strategies** is. Hy het sy **parlement** met 'n **hiërargie van demone –** 'n konfederasie wat gereeld in sitting is om verslae wat deur bose geeste van oraloor die wêreld gebring is, te beskou en te bespreek.
Die Kerk moet weet dat daar 'n plek is genoem 'n POORT, waar die planne en mikpunte van die hel uitgevoer word.

God is nou besig om 'n groep manne en vroue op te rig wat sal beweeg onder 'n unieke salwing van die Heilige Gees; die **profetiese salwing**, en hulle sal gerig wees daarop om die stryd te voer tot by die spesifieke gebied van die vyand.

Die stryd van hierdie laaste dae sal nie geveg word op die gebied van die Koninkryk van God nie, maar die Kerk sal die stryd neem na die vyand se grondgebied, Dit sal 'n ramp afgee as ons die 'laaste dae geveg' in die Huis van God sou wou veg. Tog, teleurstellend genoeg, is dit wat skynbaar huidiglik gebeur.

Die stryd, wat veronderstel is om daar buite in die koninkryk van duisternis geveg te word waar die parlement van die hel byeen is, word nou in die Kerk gevoer.
Het jy al gesien hoedat gelowiges baklei oor geld???



Die poorte van die hel het beslis die stryd na ons poorte gebring. Dit is hoekom die Bybel sê dat God daardie groep manne en vroue gaan versterk wat tot 'n besliste vlak van begrip en volwassenehid gaan kom, en wie die ywer vir God se Huis en belange op die hart dra. Hul taak sal wees om die stryd om te draai tot in die vyand se poorte.

Die poorte van die hel kan ook sekere fisiese manifestasies toon in die vorm van **altare, verbonde, voorvaderlike geeste, heksevergaderings, ens.** Waar jy ookal 'n altaar vind, moet jy onmiddellik besef dat daar 'n verbond in werking is oor daardie plek.

Die fisiese altare wat jy kan sien rondom die **afgodstempels, woude, markte en kruispad-altare** in sommige landelike gemeenskappe waar mense offerandes bring, is die verskillende **standbeelde** wat die ou voorvaderlike gode verteenwoordig, almal fisiese simbole van die **onsigbare poorte** van die hel.
Hulle is **toegangspunte** vir geeste na die aarde. Hierdie plekke is die geestelike toevlugsoorde vir demone waar hulle hul byeenkomste kan hou. In somme dorpies/statjies, is daar sekere **bome** wat die poorte vorm vir verskeie legioene van demone.

Sommige okkulte werkers wat tot bekering gekom het, vertel aan ons dat daar **demoniese stede** bestaan onder **riviere** en die **see** en dat daar selfs in sommige gevalle stede in **bome** is. Sulke plekke vorm die **poorte van die hel –** hul parlement.

Ons het al gehoor van mense wat in die nag vlieg en binne sekere bome ingaan, of hulle gaan onder sekere strome, afgodstempels, ens., in. Dit is sataniese altare en poorte van die hel.

Hierdie altare bring kragtige sataniese magte voort, wat 'n geestelike bedekking produseer oor 'n gegewe geografiese gebied. Daar moet 'n **verbond** wees voordat daar 'n **altaar** mag wees en uit elke **altaar** kom 'n soort van demoniese salwing. Waar mens 'n demoniese salwing het wat voortkom vanuit 'n altaar, sal daardie **geografiese gebied** vol duisternis, depressie, perversie, immoraliteit, armoede, dood, moord en alle vorme van negatiewe dinge wees.

In die **positiewe sin**, wanneer mens **God se altaar** het, soos 'n kerk of 'n groep lewende en biddende kerke in 'n gebied, verteenwoordig hulle die altare van die Lewende God! As gevolg van die invloed van hierdie kerkaltare in sommige geografiese gebiede, sal jy 'n unieke salwing van vooruitgang vind wat voortvloei vanuit sulke plekke. Mens sou 'n atmosfeer van geregtigheid sien waar mense dit moeilik vind om te sondig. Daar sal vryheid wees van **vrees en oppressie.** Daar sal **vreugde, sekuriteit, voorspoed en 'n hoë bekerings-syfer** in sulke gebiede wees.

Wanneer die werkinge van die poorte van die hel totaal verbreek is oor 'n gemeenskap, kan hulle vrygestel word om te groei in tot hul volle potensiaal.

Die klem van God in hierdie laaste dae, is meer op gebede, **aggressiewe oorlogvoerings gebede.** God het mense opgerig wat oral oor die wêreld reis, net om te bid. Hulle gaan na verskillende nasies en verskeie altare wat daar bestaan – afgodstempels en sataniese hoë plekke, om te **profeteer** en **profetiese gebede en aksies** uit te voer oor daardie plekke.
Gewoonlik salf hulle hul voete en hande, waarmee dan getrap word op afgodstempels of op demoniese beelde die hande gelê word. Hulle gaan in nasionale afgodstempels en profeteer dat hulle sal ineenstort en lê in die gees beslag op die aanbidders van sulke tempels vir die Here.

Aggressiewe en profetiese oorlogvoerings gebed is waartoe God ons roep in hierdie laaste dae. Die Gees van God is nou besig om manne en vroue oral oor die wêreld te beweeg om die salwende mantel van gebed aan te trek. Soms is dit 'n eenvoudige **gebedswandeling**, wat gewoonlik gedoen word na 'n vas, of 'n salwings-diens of na sommige profetiese gebede.
Hierdie groepe gebedsstryders marsjeer uit na spesifieke plekke waar demone aanbid word, of waar offerandes gebring is, of waar sataniste of spiritualiste bymekaarkom. Hulle gaan daarheen met gesalfde tonge, hande en voete en verklaar vernietiging vir daardie altare. In sommige gevalle het van daardie altare ineengestort na 'n paar maande.
Gebeds oorlogvoering werk!! Dit is die werklike neem van die stryd na die poorte van die vyand.
[Bestudeer oor Outoriteit en Rangorde, verkrygbaar van Kanaan Bedieninge]

HOE NEEM ONS DIE STRYD NA DIE POORTE?

1. Gaan op **gebedsreise** en **gebedswandelinge** na die verskillende plekke waar demone aanbid word. (Jou eie omgewing kan 'n vertrekpunt wees!)
2. **Aggressiewe evangelisasie.** Bedien diegene wat deur die duiwel in besit geneem is as sy erfenis en neem hulle met geweld uit sy hande in Jesus Naam. Bid hulle vry van die grepe van alkohol, immoraliteit, slegte gewoontes, dwelmverslawing en die gees van die dood. Die Kerk het so inskiklik en kompromerend geword. Die maagde het aan die slaap geraak. Ons wil nie ons hande vuilmaak deur bevryding en oorlogvoering te doen nie! HERE, HELP ONS!!
3. **Aggressiewe en volgehoue sending pogings.** Die Kerk moet uitbeweeg; stuur manne en vroue, voorsien hulpmiddels, bid vir diegene wat gestuur is na plekke waar geestelike duisternis heers.

Hoekom is Christene in die Moeilikheid?
Het hulle ophou baklei?
Het hulle ophou bid en mense bedien?
Het hulle opgehou evangeliseer?
Is jy in die vinnige baan van terugval?

Indien jy ophou evangeliseer, sal jyself uiteindelik ge-evangeliseer moet word. Indien jy ophou veg en om satan in gebed te konfronteer, ophou om te evangeliseer en sendingwerk te doen, sal satan omdraai en jou beveg. Dit is die eenvoudige waarheid. Satan het besluit om baie gelowiges besig te hou met die probleme van die lewe, omdat hulle weier om te veg.

DIE DOEL VAN POORTE

Jos. 6:1 ***"****MAAR Jérigo het die poort gesluit en gesluit gebly vanweë die kinders van Israel; niemand het* ***uit- of ingegaan*** *nie."*

Wat is Jerigo? Jerigo was 'n **erfenis** van God se volk – 'n beloofde erfenis. God het die kinders van Israel belowe dat hulle al die vyand se grondgebied gaan oorneem, en dit het Jerigo ingesluit. Daar was baie dinge in Jerigo, en in besonder was daar toegewyde dinge soos **goud** en **silwer,** wat bedoel was vir die Huis van God.

Toe die vyand hoor dat Israel aan die kom was om die stad in te neem soos die Here belowe het, het hulle die poorte gesluit en die ingange verskans. Die stadsmure was baie hoog, dus kon mens nie sommer daaroor spring nie. M.a.w., die fisiese poorte van Jerigo het gedien as 'n skans, en het die volk van God verhinder om hul erfenis by te kom.

DIE ENKELE BEDIENING VAN DIE POORTE IS OM JOU TE **BEPERK** IN JOU LEWE**. HULLE BEPERK DIE VOORUITGANG** VAN DIE VOLK VAN GOD EN **BEPERK** ONS **TOEGANG TOT ONS BELOOFDE** BESITTING.

Hulle het die Huis van God daarvan weerhou om baie **nasies** van die wêreld oor te neem. God is egter besig om ons oë oop te maak vir die bediening van die poorte in hierdie laaste dae. Hulle besit 'n bediening van skans/verskansing; 'n bediening van **weerhouding**. Maar ons gaan die poorte en hul skanse neertrek in die Naam van die Here Jesus Christus. Ons het 'n **erfenis;** ons erfenis is ons volk tesame met al haar nasies, haar silwer en haar goud. Al haar rykdom sal in die Kerk invloei. Dit sal in ons hande invloei en ons sal God se Koninkryk in die land bou.

Die vyand weet dit; die magte van duisternis ken hierdie realiteit. Dit is hoekom hulle **volkere weggesluit en toegesluit** het. Daar is sekere plekke in die wêreld wat bekend staan as nie toeganklik vir Christene, veral evangelisasie bedienaars. Baie Islam lande sal vir jou toegang weier as hulle agterkom dat jy 'n sendeling of geestelike is.

Dank God vandag, omdat daar 'n ondergrondse vloed is wat stil voortbeweeg. God is besig om stelselmatig in te beweeg in daardie plekke. Dit was hoe Dawid in die ou stad Sion inbeweeg het. Die Jebusiete het aan hom gesê dat die verlamdes, melaatses en blindes hom daar sou uithou.

"Ons het 'n fort, ons het skanse om jou buite te hou" het hulle gesnou en gespog. Dawid het hiervan kennis geneem en gemobiliseer vir 'n strategiese aanval. Die soldate het saggies ingesluit deur ondergrondse tonnels. Een vir een het daardie dapper vegters die ou stad binnegesluip. Toe die vyand weer sien, het hulle agter hul verdedigingslyne verskyn en die stad van Sion ingeneem.
Dawid het die land in besit geneem en dit die Stad van Dawid genoem – JERUSALEM. Profeties sien ons as die Kerk in Suid Afrika hoedat gebiede wat vir ons gesluit was, nou ingeneem word.

Dit was nie deur menslike poging dat Jerigo ingeval is nie. God het bonatuurlik die mure en poorte in een oomblik platgedruk.
Josua en sy soldate was vry om vanuit alle rigtings binne te stroom.

1. KONFRONTEER DIE POORTE DEUR PROFETIESE GEBEDE

Hoe gaan ons ons **erfenis** binne en **beset** ons ons **Jerigo's?**
Wat moet ons doen om ons **persoonlike Jerigo's, ons kollektiewe Jerigo's en ons nasionale Jerogo's** binne te val? Hoe sal ons maak met die **ondeurdringbare mure, poorte van teenstand** en al die **intimiderende skanse** wat die vyand opgerig het om ons buite te hou?

Ons neem die poorte in besit deur **profetiese verklarings** in die plek van gebede.

Ps. 24:7-10 *"[7]Hef op julle hoofde, o **poorte**, ja, verhef julle, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan!*
[8]Wie is tog die Erekoning? Die HERE, sterk en geweldig, die HERE geweldig in die stryd.
*[9]Hef op julle hoofde, o **poorte**, ja, hef op, **ewige deure,** dat die Erekoning kan ingaan!*
[10]Wie is dan tog die Erekoning? Die HERE van die leërskare—Hy is die Erekoning! Sela."

Hierdie is die presiese rekords van wat plaasgevind het toe Jesus Christus gesterf het en na die poorte van die hel gegaan het om **die sleutels van die dood en die doderyk terug te neem**. Een belangrike ding wat Hy moes doen voor Sy opstanding, was die terugneem van hierdie sleutels. **SLEUTELS IS SIMBOLE VAN OUTORITEIT.**

Daardie sleutels is aanvanklik aan Adam gegee, maar hy het dit vrywilliglik afgegee aan satan en so het satan die nuwe aardse outoriteit geword – die god van hierdie wêreld.

Sedert Adam se val, het satan mag gehad oor die dood. Hy het die mensdom **doodgemaak, vermink en vernietig** na willekeur. Hy is deur niemand verhinder nie. Hy kon nie gestop word nie. Jesus moes in besit kom van daardie simbool van outoriteit om die mensdom algeheel te kon verlos en bevry.

In die ou tyd en selfs vandag, sal mense wanneer hulle 'n belangrike besoeker wil verwelkom en eer, hom na die stadspoort neem en aan hom 'n groot sleutel gee om op sy skouer te plaas. Deur hierdie gebaar, besit hy nou outoriteit in die stad net soos enige ander belangrike inwoner. Hierdie gebaar het ook 'n ander dimensie – jy het 'n lid van die parlement van daardie stad geword.



Dus, ten einde die mensdom te kon bevry, moes Jesus die sleutels van die hel en dood kon terugneem. Voor die koms van Jesus, het elkeen wat gesterf het, beide die goddelikes en die ongoddelikes, nie Hemel of hel toe gegaan nie. Hulle is onder die aarde gehou in die **plek van die dooies,** genoem **Sheol.** Die siele van die gestorwe bose mense, is in 'n ander afdeling gehou, genoem **Hades**, 'n soort van 'n 'miniatuur' hel.

Luk. 16:19-31 vertel die verhaal van die ryk man en die bedelaar, en beskryf die situasie voor die opstanding van die Here Jesus Christus. Jesus moes die sleutels van die dood gaan terugneem en Sheol oopsluit om 'n algehele vrylating en redding van die goddelike regverdiges en gevangenes te kon bewerkstellig. Toe Jesus gesterf het en begrawe is, was Hy vir drie dae in die hel (Hades) om die siele daar te bedien.

1 Pet. 3:18 *"[18]Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring—Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees;"*

1 Pet. 4:6 *"[6]Want daarom is **ook aan die dode** die evangelie verkondig, sodat hulle wel geoordeel kan word na die mens in die vlees, maar lewe na God in die gees."*



Hy het vir die geeste gaan preek wat opgesluit was in die tronk, diegene wie ongehoorsaam was voor die dae van Noag en gedurende die dae van Noag. Die Vader het Jesus soontoe gestuur om aan hulle 'n geleentheid te bied om die evangelie te kon hoor. Diegene wie gehoorsaam was aan die evangelie, is oorgeplaas vanuit Hades na die Paradys. Hulle was egter steeds in gevangeneskap, hulle kon nie Hemel toe gaan nie. Maar op die **derde dag** toe die Seun van God opgestaan het, het Hy daardie sleutels by satan afgeneem.

Heb. 2:14 *"[14]Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom **tot niet kon maak** wat **mag oor die dood** het—dit is die duiwel—"*

Kol. 2:15 *"[15]nadat Hy die owerhede en magte **uitgeklee** en hulle in **die openbaar tentoongestel** en daardeur oor hulle getriomfeer het."*

So gou as wat Jesus die sleutels teruggeneem het, het Hy na die Paradys-afdeling van Sheol gegaan, en dit oopgesluit.

Mat. 27:52-53 *"[52]...en die **grafte het oopgegaan** en baie liggame van die ontslape heiliges het opgestaan.*
*[53]En ná sy opstanding het hulle uit die grafte uitgegaan en in die heilige stad ingekom en **aan baie verskyn."***

Efes. 4:8-10 *"[8]Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy **die gevangenes gevange geneem** en gawes aan die mense gegee.*
[9]Maar dít: Hy het opgevaar—wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde?
[10]Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring."

Open. 1:17-18 *"[17]En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste*
[18]en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En ***Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood."***

Hy het later aan Johannes gesê, ***Wanneer Ek toemaak, sal geen mens oopmaak nie; wanneer Ek oopmaak, sal geen mens kan toemaak nie."*** Hy het daardie sleutels afgeneem en ons, as Sy dissipels het huidiglik daardie sleutels. Hy het aan Petrus gesê, ***"Ek gee aan jou die sleutels van die Koninkryk".*** Dit is 'n simbool van outoriteit om toe te maak, te sluit en oop te maak.

Alle mense wat gevange gehou is deur satan, het Hy teruggeneem en hulle na die Hemel geneem.

Die beste manier om die **poorte van die hel te konfronteer**, is deur **profetiese gebede.** Ons moet **profeteer** in die plek van gebed. Ons moet Gees-geinspireerde verklarings maak teen die vestings van die hel.

Wanneer ons **profetiese gebede** begin bid, **spreek ons Skrif** soos voorgeskryf deur die Heilige Gees. Ons **werp** hierdie WOORDE teen die magte van duisternis, teen skanse, teen alle hindernisse in die pad van die uitbreiding van Christus se Kerk, en hulle moet padgee in Jesus Naam!



In die plek van gebed, wanneer jy begin praat en bid, gebruik die Skrif en as jy begin **profeteer**, gebeur wonderlike dinge in die realms van die gees. Manne en vroue wat vasgeketting was deur die duiwel of vals godsdiens, verbonde en vloeke, word gewoonlik vrygestel deur sulke profetiese gebede.

Voorbeeld: Die Berlynse Muur
Hierdie muur het die vorige Oos-Duitsland en Wes-Duitsland van mekaar geskei. Dit is kort na die Tweede Wêreld Oorlog gebou toe die USSR en die Geallieërde Magte Duitsland in twee gedeel het. Niemand kon skuif van die weste na die ooste, of omgekeerd. 'n Enkele land was in twee gedeel. Onge veer tien jaar voordat daardie muur afgebreek is, het vele gelowiges, vermom as toeriste, maar wie in werklikheid gesalfde intersessors was, nadat hulle vir dae gevas het, na die Berlynse muur gegaan, en foto's geneem. Hulle het hul hande op die muur gelê en geprofeteer dat dit sou val binne 'n gegewe tyd. Ses maande voor die muur afgebreek is, het hulle weer daarheen gegaan en die Here daar geprys, die muur gesalf en sy verbrokkeling geprofeteer. God het die wonderwerk kort daarna gedoen. Die Berlynse muur het geval.

Manne en vroue in verskeie dele van die wêreld het ook geprofeteer in pleks van gebed, teen die gees van die Rooi Draak; die gees van Kommunisme wêreldwyd. Nie lank daarna nie, het die kommunistiese ryk van die Sowjet Republiek soos 'n kaartehuis ineengetuimel.

God sal ons gebede eer oor die nasies. Ons sal **profeteer** onder die salwing van die Heilige Gees tot die **poorte, mure, vestings** wat nog staan, en daar sal 'n opening kom. Dit is noodsaaklik dat die Koning van Heerlikheid na ons land moet kom en Sy regmatige plek inneem.

2. KONFRONTEER DIE POORTE DEUR AGGRESSIEWE GEBEDE

Hand. 12:1-5 *"EN omtrent daardie tyd het koning Herodes sy hande geslaan aan sommige uit die gemeente om hulle kwaad aan te doen.*
[2]En hy het Jakobus, die broer van Johannes, met die swaard omgebring.
[3]En toe hy sien dat dit die Jode welgevallig was, het hy verder ook Petrus in hegtenis geneem. En dit was die dae van die ongesuurde brode.
*[4]Toe hy hom dan gegryp het, het hy hom in die gevangenis gesit en oorgegee aan **vier wagte, elkeen van vier soldate**, om hom te bewaak, met die bedoeling om hom ná die paasfees voor die volk te bring.*
*[5]So is Petrus dan in die gevangenis bewaak; maar daar het 'n **aanhoudende gebed** tot God **deur die gemeente vir hom opgegaan**."*

Poorte kan verwyder word deur God se bonatuurlike toetrede wanneer ons bid.
Petrus was in die tronk, maar die Bybel sê dat daar **aanhoudende, ernstige gebede** tot God vir hom gebid is. Petrus is bewaak deur sestien gewapende wagte. Terwyl hy geslaap het, het die Kerk gebid.

Hand. 12:7 *"[7]**En meteens** staan daar 'n engel van die Here by hom, en 'n lig skyn in die gevangenis. Toe **slaan hy Petrus op die sy,** maak hom wakker en sê: Staan gou op! En die **boeie het van sy hande afgeval."***

Toe God se krag in Petrus ingegaan het, het elke blok en ketting vanself losgegaan!

Hand. 12:8-10 *"[8]En die engel sê vir hom: Omgord jou en trek jou skoene aan! En hy het dit gedoen. Verder sê hy vir hom: Gooi jou bo-kleed om en **volg my!***
[9]En hy het uitgegaan en hom gevolg; en hy het nie geweet dat wat deur die engel plaasgevind het, werklikheid was nie, maar hy het gemeen dat hy 'n gesig sien.
*[10]En toe hulle by die **eerste en die tweede wag** verbygegaan het, kom hulle by die **ysterpoort** wat na die stad lei, en **dit het vanself vir hulle oopgegaan**. En hulle het buitekant gekom en een straat ver gegaan, en dadelik het die engel hom verlaat."*

Wanneer ons hand aan hand wandel met God en Sy Teenwoordigheid saam met ons in die stryd tree, sal daardie stryd ‘n nietigheid wees. Die Kerk sal nie nodig hê om te soebat of te smeek by sataniese poortwagters nie. Hulle sal bloot wandel in oorheersing. Die **ysterpoorte** sal vanself oopgaan.



3. PROFETIESE GEBEDE EN PROFETIESE AKSIES

Rigt. 16:1-2 ***“****EN Simson het na Gasa gegaan en daar ’n hoer gesien en by haar ingegaan.*
[2]Toe die Gasiete die tyding kry: Simson het hier ingekom, ***omsingel hulle hom*** *en* ***lê hom die hele nag voor by die stadspoort,*** *maar die hele nag het hulle hul stilgehou en gesê: Teen* ***dagbreek*** *sal ons hom doodmaak.”*

Alhoewel Simson gesondig het deur by ‘n hoer te slaap, was God steeds genadig en gunstig jeens hom en die salwing van God het hom steeds deurgedra.
Die mense het gedink dat hulle hul vyand vasgekeer het omdat hy binne die stad was. Hulle het die ysterpoort toegesluit en geglo dat Simson alreeds in hul hande was. Manne het in hinderlaag gelê en wag dat Simson vroeg in die oggend moes uitkom om terug te keer na sy stad, en dan sou hulle hom gevange neem.

Rigt. 16:3 ***“****[3]**En Simson het gelê tot middernag**; maar teen middernag het hy opgestaan en* ***die deure van die stadspoort en die twee deurposte gegryp*** *en dié* ***met grendel en al uitgeruk en op sy skouers gesit*** *en dit opgedra na die top van die berg wat teenoor Hebron lê.”*

Simson het die pilare van die poorte vasgegryp, die skans geskud tot in die fondasie, uitgepluk en op sy skouers geplaas – teen middernag!
Dit dui op die tyd wanneer die mens dit **die minste verwag.**

Die vyand kan miskien beplan en glo dat hulle nie gaan toelaat dat die Kerk sal uitgaan en groot dinge vir God doen nie, maar God gaan hulle verras wanneer hulle dit die minste verwag!

Nie alleen het Simson die poorte uit hul fondasies gepluk nie, maar hy het dit op sy skouers getel, die heuwel uitgeklim en dit daar neergegooi!

Wat ons hier leer, is dat ons by geleentheid selfs **die poorte fisies moet konfronteer**. Dit bring die saak na vore van besoeke aan **fisiese altare, bose waters** wat toegewy is, **gewyde woude, ens.** om **profetiese aksies** daar te gaan doen. Moses het afgereken met die **Nylrivier in Egipte.** Hy het die mag van die watergeeste vernietig, ens.

Eks. 12:12 "[12]*Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen* ***aan al die gode van Egipte, Ek, die HERE.***

Moses het afgereken met al die **krag-basisse van Egipte**, van die **water gebaseerde altare** tot die **diere altare** en laastens die **astrale altare** van die hemele.

Die antieke paleise van Egiptiese Faraos het verskeie astrologiese tekens getoon wat bewys het dat die Egiptenare 'n begrip van die hemelliggame gehad het. Dit is 'n feit dat **wiskunde en astrologie** in Egipte ontstaan het. Hulle het 'n begrip gehad van hierdie hemelliggame en hulle het die **songod** aanbid.

God het aan Moses gesê dat die **Egiptiese verbonde** met die son verbreek moes word, anders sou die Israeliete nie kon vrykom nie. Dit is hoekom God die son donker gemaak het vir drie volle dae, 'n duisternis wat op die aarde gevoel kon word.

Die **sataniese oordraging** tussen die hemelliggame en die towenaars van Farao op aarde, tussen die son, maan en die sterre en die goëlaars, **was vir drie dae lank afgesny.** Dit het veroorsaak dat al die verbonde een na die ander verbreek is, en einde ten laaste was God se eersgeborene, Israel, vry.

Net so, moet intersessors gereed wees om op **fisiese wyse die poorte van die hel te konfronteer** asook hul **demoniese simbole,** en waar moontlik, dit fisies vernietig of ten minste ontheilig deur **salfolie** of **Nagmaalwyn** daarop uit te gooi.

Deut. 7:1-5 ***"****AS die HERE jou God jou inbring in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem, en Hy baie nasies voor jou uit verjaag: die Hetiete, Girgasiete, Amoriete, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete, sewe nasies, meer en magtiger as jy;*
[2]*en die HERE jou God hulle aan jou oorgee, dat jy hulle verslaan, dan* ***moet jy hulle geheel en al met die banvloek tref;*** *jy* ***mag geen verbond met hulle maak*** *en hulle nie genadig wees nie.*
[3]*Jy mag jou ook nie met hulle verswaer nie—jy mag jou dogter nie gee aan sy seun, en sy dogter nie neem vir jou seun nie;*
[4]*want hy sal jou seun van My afvallig maak, sodat hulle ander gode dien en die toorn van die HERE teen julle ontvlam en Hy jou gou verdelg.*
[5]*Maar julle moet met hulle so doen:* ***hulle altare moet julle omgooi en hulle klippilare verbrysel en hulle heilige boomstamme omkap en hulle gesnede beelde met vuur verbrand."***

4. KONFRONTEER DIE POORTE DEUR LOFPRYSING

Deur intersessie lofprysing, kan ons die poorte van die hel ontwortel en daarmee handel.

Jos. 6:1-5 **"***MAAR Jérigo het die poort gesluit en gesluit gebly vanweë die kinders van Israel; niemand het uit- of ingegaan nie.*
[2]Toe het die HERE vir Josua gesê: Kyk, Ek gee Jérigo met sy koning en dapper helde in jou hand.
[3]Julle moet dan om die stad trek, al die krygsmanne; trek die stad een maal om; so moet jy doen ses dae lank.
[4]En sewe priesters moet sewe ramshorings voor die ark dra; maar op die sewende dag moet julle die stad sewe maal omtrek; en die priesters moet op die horings blaas;
[5]en as hulle lang geluide op die ramshoring blaas, as julle die geluid van die horing hoor, moet die ***hele volk 'n groot krygsgeskreeu aanhef****:* ***dan sal die stadsmuur op sy plek inval; en die volk moet inklim, elkeen reg voor hom uit."***

Die volk van God het rondom Jerigo marsjeer vir ses dae lank in stille lofprysing sonder om met enigiemand te praat. Dit is wat ons noem GEBEDSWANDELING! Hulle was **stil** onder die salwing. Dit spreek van **geestelike gehoorsaamheid.** Op die sewende dag moes hulle **sewe** maal rondom die stadsmuur en poorte stap en tydens die sewende maal, moet hulle **hard skreeu. 'N GROOT HALLELUJAH!!**

Die trompetblasers het hul trompette geblaas, die mense het GESKREEU, die Hemelse krag het geval, en die mure van Jerigo het verkrummel!!

Daar is tye wanneer ons in **intersessie met hoë lofprysinge** sal gaan. Wanneer ons dit doen **onder God se leiding**, kan ons 'n baie sterk beweging van die salwing van die Heilige Gees ervaar wat ons sal laat **dans, sing en lag** in die Gees. Daar is plekke waar God se salwing neergekom en die mense vir ure gedans het in die Gees, hulle het die Here geprys en jukke en blokke het oral losgekom!! God is besig om **profetiese lofprysing** te herstel in die Kerk. Ons kan die poorte van die vyand in besit neem deur lofprysing, net soveel as deur gebed.

Ek weet nie watter **"poorte van Jerigo"** jou weerhou van jou **erfenis** nie, maar dit is die tyd waarin jy moet **opstaan**, met watter **wapen** ookal wat die Heilige Gees op daardie oomblik aan jou deurgee om te gebruik, en jy sal vind dat die **poorte in stukkies breek.**
Gaan terug na jou **voorvaderlike wortels** soos Gideon van ouds, en vernietig al die **demoniese altare** van jou verlede. God het aan Gideon gesê dat sy **vader se altaar** hom sou **beperk en verhinder** in die vervulling van sy bediening.

Hy het opdrag ontvang om die **altare van Baal om te trek** en die **gewyde boombosse af te kap** wat daar rondom gestaan het, en in die plek daarvan 'n **altaar vir Jahweh,** die God van Israel op te rig. (Rigt. 6:25-32).
Gideon was bang om dit gedurende die dag te doen, dus het hy gedurende die nag sy dienaars geneem, die bosse afgekap en die altare van Baal vernietig.
Hy het dus **al die altare vernietig**, en ook die **verbonde** wat 'n beperking op sy lewe geplaas het. Hy het geweet dat dit **sataniese kettings** was wat hom teruggehou het, terwyl hy probeer vorentoe gaan het.

Elke verbond wat jou terugtrek, moet gebreek word in Jesus Naam. Elke **voorvaderlike ketting,** elke **afstandsbeheer** wat jou weerhou om vorentoe te marsjeer, moet in stukkies gekap word met die Swaard van die Gees.

Toe dit klaar was, het die krag van God op Gideon gekom, omdat hy afgereken het met al die demoniese verbonde wat hom beroof het van 'n oorwinnende lewe.

Soortgelyke kettings kan baie van ons beperk. Dit is nou die tyd om af te reken met sulke poorte sodat jy in staat kan wees om vorentoe te beweeg en jou erfenis in besit te kan neem.

DEEL DRIE

NEEM DIE POORTE VAN DIE VYAND IN BESIT

Indien ons die grondgebied in besit wil neem, en as die Here die Almagtige verlossing moet bewerk oor ons land, indien die **erfenis, d.i.** die hulpbronne (rykdomme van die onbesnedenes) van die land **oorgedra** moet word uit die hande van die heidene na die hande van die volk van God, dan sal die volk van God tot op ‘n sekere vlak van volwassenheid en begrip moet kom. Hulle **sterk** genoeg moet wees om na die kamp van die vyand te gaan, **die poorte te plunder** en die vyand te onderwerp in ‘n ernstige, geestelike konflik.

Ons het té lank op die draad gesit, ons is vir té lank verblind deur godsdienstige geeste en ons verstaan nog steeds nie die perfekte plan van God vir die land nie. Hierdie **land is ons erfenis** tesame met die nasies wat hier woon. Ons oë moet oopgemaak word om daardie dinge te kan waarneem wat teen die uitbreiding van die Koninkryk van God en die outoriteit van die Kerk gestaan het, en wat ons weerhou het daarvan om **vorentoe te beweeg en deur te breek.**

Sonder hierdie begrip, sal ons voortgaan om kerk te speel en die seun van ongehoorsaamheid sal voortgaan om oor ons te heers. Ons weet deur profesie en deur die Skrif dat die erfenis van die land aan die Huis van Jakob behoort, en in hierdie laaste dae sal ons daardie erfenis betree.

Ons weet dat baie profetiese woord uitgespreek is oor Suid Afrika en dat herlewing uit die Suide sal begin en opbeweeg in Afrika. God het gespreek en ons weet dat die Woord van God ‘n uitwerking moet hê.

Voor die realisering van hierdie dinge egter, is daar ‘n **stryd wat gestry moet word,** daar is **plekke** wat ons moet **betree** en **met geweld moet inneem** in die Naam van ons Here. Dit is hoekom die onderwerp van **konfrontering** en **inbesitname van die poorte so belangrik is.**

Die skrifte bevat definitiewe voorbeelde van manne van God met profetiese mantels, profetiese stemme, profetiese salwing, wat die poorte van hul tyd gekonfronteer en mee afgereken het, en die plan en wil van God in werking gebring het vir hul generasies.

Soos vroeër gesê, is poorte uitsluitlik volgens die Bybel gebruik as:

- Ontmoetingsplek
- ‘n Koukus van bose manne en bose geeste
- ‘n Plek van samekoms
- ‘n Plek van besluitneming
- ‘n Plek van offerande en ontmoeting van bose mense en geeste vir bose planne.

- ‘n Plek van inligting
- Raadpleging en oorweging
- Besluit
- Aksie

‘n **Fisiese poort** is die ingang na ‘n huis, ‘n saal, tempel of ‘n stad/dorp en dit is simbolies. ‘n **Geestelike poort** is ‘n soort ontmoetingsplek waar die duiwel saamkom met al sy demone, owerhede en magte oor die sake van die wêreld, veral oor wat plaasvind in die Huis van God.

Ten einde die redding van die mens te kon voltooi, moes Jesus na die poorte van die hel gaan om te veg, te oorwin en die **sleutels van outoriteit af te neem.**

Ps. 24:7-10 *“7 Hef op julle hoofde, o **poorte,** ja, verhef julle, **ewige deure**, dat die Erekoning kan ingaan!*
8 Wie is tog die Erekoning? Die HERE, sterk en geweldig, die HERE geweldig in die stryd.
*9 Hef op julle **hoofde, o poorte**, ja, hef op, **ewige deure**, dat die Erekoning kan ingaan!*
10 Wie is dan tog die Erekoning? Die HERE van die leërskare—Hy is die Erekoning! Sela.”

Hierdie is ‘n kragtige Skrif om in oorlogvoering te gebruik vir die **oopmaak** van die **poorte van stede en nasies.**

Hierdie **oeroue poorte** praat nie slegs van die deure van die **hel, dood en die graf** nie, maar ook van die **deure** daaragter waar die skatte van die heiliges wat gesteel is, gehou word. Baie van ons seëninge is deur satan gesteel en weggesluit agter hierdie oeroue deure.



Here, stuur U engele as balju’s met hofbevele om die skatte wat aan U kinders behoort, los te maak.

Ons breek daardie **oeroue deure** in die gees oop, sodat die Koning van Heerlikheid kan inkom en ons neem terug wat ons s’n is.

Dit is deur die Koning van Heerlikheid waar toegang verkry word. M.a.w., sonder die Heerlikheid van God het ons geen hoop om die poorte van die vyand in besit te neem nie. Die Blywende Teenwoordigheid van God, Sy Salwing, moet by ons wees.

Poorte van Geregtigheid

Ps. 118:19,20 *“19 Maak oop vir my die **poorte van die geregtigheid**; ek wil daardeur ingaan, ek wil die HERE loof.*
*20 Dit is die **poort van die HERE; regverdiges mag daardeur ingaan**.”*

Hier word die poorte geidentifiseer as poorte van **geregtigheid** en dat slegs die regverdiges daar mag ingaan. Ons word regverdig gemaak deur die Bloed van die Lam, maar ons moet ook ‘n regverdige lewe leef – altyd streef na heiligheid.

Om die **poorte van die stad/dorp** as regverdig te bevestig, kan slegs gedoen word deur Christus se geregtigheid en dit beteken dat geen onrein geeste die reg mag verkry om hul gebied te vestig in die stad/dorp/omgewing/Kerk, ens., nie.

Indien jy nie ‘n regverdige lewe lei en in die regte stand voor God is nie, kan jy nie die geregtigheid van Christus in ander vestig nie.

Die boek van **Kol. 2:15** illustreer die konflik wat plaasgevind het in die hel en hoe die Here van Heerlikheid uiteindelik oorwin en die **sleutels** van **dood** en **hel** by Lucifer afgeneem het.

‘n **Poort** is dus ‘n plek van **sataniese samekoms.** Dit is ‘n soort **parlement of senaat** van die hel. Gewoonlik, voordat die duiwel enigiets doen, vergader hy al sy demone, bose geeste, territoriale, streeks- en gebiedsgeeste om te beraadslaag oor sy voorstelle en watter stappe om te neem om die doel daarvan te bereik.

In die fisiese, oefen **bendes** outoriteit uit oor **spesifieke geografiese gebiede.** Net so, is daar **gebieds-demone** wat outoriteit het oor sommige geografiese gebiede. Hulle maak inligting bymekaar, veral oor wat in die Kerk aangaan, en d.m.v. geestelike **netwerking**, word hierdie inligting deurgegee na hul **hoofkwartiere en poorte.** Sommige inligting word vergelyk en vurige debatte vind hieroor plaas. Tydens sulke konsultasies, word besluite geneem oor plaaslike samekomste, pastore, groepe, families, kerke in ‘n streek of die algehele ledetal van die Liggaam van Christus in daardie gemeenskap.

Nadat die besluit geneem is, volg **aksie. Ons bid dat elke bose besluit oor jou lewe, nie sal bly staan nie, in die Naam van Jesus! AMEN!**

Satan doen niks per ongeluk of sommer op losse voet nie. Hy is goed georganiseerd, geko-ordineerd en sy aksies is vooraf beplan, gemediteer en **besluit**, voordat demone uitgestuur word om dit uit te voer. Sy besluite, of dit nou is om ‘n man van God te oorreed om immoraliteit te pleeg of dat gelowiges mekaar moet aanval of dat ‘n gelukkig **getroude** Christen man skielik begin om sy vrou te haat, word gewoonlik gedoen by ‘n **poort.**

Dan. 2:48-49 *"[48]Toe het die koning **Daniël verhef** en hom baie, groot geskenke gegee en hom **aangestel as heerser** oor die hele provinsie Babel en as **hoofowerste** oor al die wyse manne van Babel.*
*[49]En op versoek van Daniël het die koning Sadrag, Mesag en Abednégo aangestel oor die bestuur van die provinsie Babel, **maar Daniël was in die paleis van die koning**."*

Ons moet dit verstaan, sodat ons betekenisvol kan bid en spesifieke vestings **strategies kan konfronteer**, dit ontwortel en die raadsplan van God kan afdwing. Ons moet die **poorte ontbind** en alle **geslote plekke van geleenthede** wat die waarheid weerhou, **vir 'n regverdige volk oopsluit**.

Jes. 26:1-2 ***"****IN dié dag sal hierdie lied gesing word in die land Juda: 'n Sterk stad het ons; God stel **heil tot mure en skanse.***
*[2]**Maak oop die poorte**, dat die regverdige nasie kan ingaan wat die trou bewaar!"*

Mat. 16:18 *"[18]En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die **poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie**."*

God het gesê dat die samekoms en parlement van hel nie sal staande bly teen die Huis van God nie.

Jes. 28:5-6 *"[5]In dié dag sal die HERE van die leërskare wees tot 'n sierlike kroon en 'n pragtige krans vir die oorblyfsel van sy volk,*
*[6]en tot 'n gees van **strafgerig** vir **hom wat sit oor die gereg**, en tot 'n **sterkte vir hulle wat die geveg terugdring na die poort toe."***

In hierdie **laaste** dae maak God die hande van Sy soldate sterk. God is besig om die harte en verstande van Sy intersessors te versterk. Hy gee aan mag en heerskappy in hul lewens en spuit **oorlogs aggressie** in hul geesmense in, sodat hulle hierdie goeie geveg kan veg en die stryd kan voer tot in die poorte van die vyand. God sê dat die stryd van hierdie laaste dae nie geveg sal word op die gebied van die Kerk nie. Hierdie stryd sal geveg word op die grondgebied van die vyand. Die duiwel het baie toegang verkry tot die Huis van God en dit wil voorkom asof die stryd tot op ons drumpels gebring is, selfs tot in die samekoms van God se volk. Dit is hoekom daar so baie bose dinge is wat gebeur in die Huis van God en in ons eie lewens. Maar in hierdie laaste dae voor die Here Jesus kom, sal die stryd gedraai word na die vyand se poorte. Al die demone wat in die Huis van God is, sal uitgejaag word. God sal Sy **uitverkorenes bevry, reinig en skoonmaak.** Dan sal hulle veg met **mag, vryheid en outoriteit.**

Die Bybel sê dat God eers Sy salwing sal uitstort op diegene wat oorlog maak – wat die stryd na die poorte voer. Wanneer die Bybel praat van 'daardie dag', is dit 'n verwysing na die laaste dae, m.a.w., God se verwysing na vandag. Deur Sy wonderlike werking, sal baie van ons binnekort ervaar wat Dawid ervaar het. Dawid het gesê:

Ps. 18:35 **"** *[35]Hy leer my hande om oorlog te voer, sodat my arms 'n koperboog span."*

Dit gaan ons ervaring wees in hierdie laaste dae. Ons sal 'n **unieke** en **ongekende salwing** te midde van die stryd ervaar. God gaan dit doen in hierdie laaste dae, omdat die Bybel sê dat Hy vir ons 'n sterkte sal wees as ons die stryd na die poorte voer!

KARAKTERTREKKE EN WERKINGE VAN POORTE

1. **Hul Werke vind altyd in die Geheim plaas.**

Poorte doen nooit hul werk openlik nie. Hulle doen hul werke in die uiterste geheimhouding. Dit is hoekom hulle meeste van die tyd gedurende vreemde tye ontmoet, en dan in afgesonderde plekke. Hulle ontmoet in versteekte plekke: toegesluite kantore, huise, onder die water, binne-in sekere bose bome, en in sommige geestelike plekke in die atmosfeer (in die tweede hemel waar satan heers).

2. **Poorte word ook gevind in Godsdienstige Sirkels.**

Hulle word gevind in Islamitiese, tradisionele, okkultiese en selfs in sommige ortodokse en Pinkster byeenkomste. Feit is, geen werking van poorte vind plaas voordat sommige godsdienstige rituele en rites nie eers uitgevoer is nie. Poorte bestaan in sommige godsdienstige sirkels.

3. **Die Lede van Poorte sluit in Verhewe Mense wat Baie Boos is.**

Wanneer jy dink aan die poorte wat die sake van 'n volk beheer en name word genoem, sal jy moontlik ontdek dat slegs ongeveer ses tot tien man wie in een of ander sataniese verbondsverhouding is, formeel ontmoet en besluite neem. Jy sal verstom staan oor die kaliber van die manne betrokke. Hulle ontmoet gedurende die dag en in die middel van die nag. Sommige van hulle is top tradisionele heersers, soldate, fabrikante, besigheidsmanne en politici. Hulle almal het dieselfde agenda – om te heers oor die res van die bevolking.

4. **Lede van 'n Poort is gewoonlik Saamgebind deur 'n Sterk Verbond.**

Die lede is saamgebind in 'n ongebroke verwantskap deur 'n sterk verbond.

Jes. 28:14 **"** *[14]Daarom, hoor die woord van die HERE, julle spotters, heersers oor hierdie volk wat in Jerusalem is!"*

Daar volk van God wat in Jerusalem was is oorheers deur sommige mense. God het hierdie mense **spotters** genoem wie ander se lewens beheer het en in **Jerusalem** gewoon het tussen die mense – onbekende Mafia.

Lede van poorte oefen fisiese of geestelike magte uit deur 'n afstandbeheerde meganisme of heksery en towery. Jy kan nie verder vorder as wat hulle sou toelaat in enige lewenspogings nie – regerend, akademies, ekonomies, huweliks, geestelik – mense kan nie verder gaan as wat hulle dit sou toelaat nie. Dit is hoekom God ons weereens moet salf as Sy instrumente, om in staat te wees om af te reken met die poorte in ons land.

Baie volkere moes al **vorentoe beweeg** het in alle sfere, maar die **poorte laat dit nie toe nie.** Ons behoort **te vorder**, maar dit is asof 'n **onsigbare ketting** aan die bene van baie nasies vasgemaak is, veral in Afrika. Wanneer ons een tree vorentoe neem, neem ons die volgende oomblik op onverklaarbare wyse weer tien treë terug.

Jes. 28:15 *"[15]Omdat julle sê: Ons het **'n verbond met die dood gesluit,** en met die **doderyk** het ons 'n **verdrag** aangegaan; as die golwende gésel deurtrek, sal hy na ons nie kom nie; want ons het die **leuen ons skuilplek** gemaak en ons in **bedrog weggesteek** —"*

Daar is 'n **verbond** wat mense gesluit het met **dood** en 'n ooreenkoms wat hulle met die **hel** gemaak het. Die verbond met dood is een van die **sterkste verbonde** en die ooreenkoms met hel is een van die **sterkste ooreenkomste** wat mense met die duiwel kan maak.

Die Bybel sê dat die **laaste vyand** wat vernietig gaan word, die **dood is.** Dood is 'n sterk vyand. Hy is naas Beelsebub self – magtig en wreedaardig. 'n Verbond met dood is soos 'n direkte verbond met Lucifer. Poorte sê altyd: ***"Ons is in ooreenkoms met hel".*** Hulle kan nie met die dood gedreig word nie, omdat hulle 'n verbond met dood gesluit het. Hulle kan nie met **vernietiging** gedreig word nie. Hulle het 'n bestaande verbond met dood en hel. Niks kan hulle vernietig in die fisiese realm nie. Maar, dank God, ons het 'n **geestelike wapen** en 'n baie effektiewe een daarby!

2 Kor. 10:4 *"[4]...want die wapens van ons stryd is **nie vleeslik** nie, maar **kragtig** deur God om **vestings neer te werp**..."*

Jes. 28:15b *"[15]Omdat julle sê: Ons het 'n **verbond met die dood** gesluit, en met die **doderyk** het ons 'n **verdrag** aangegaan; as die golwende gésel deurtrek, sal hy na ons nie kom nie; want ons het die **leuen ons skuilplek** gemaak en ons **in bedrog weggesteek** —"*

Dit is die sataniese vertroue in die poorte. Hulle sê altyd: ***"...laat enige oorweldigende teistering maar kom: of dit nou koeëls of pyle of enige wapen is, dit sal nie naby ons kom nie, omdat ons alreeds in 'n verseëlde kompartement is, ons is in 'n fort".***



Dank God, die Naam van Jesus is groter as hulle almal. Die Bybel sê dat elke knie sal buig voor die Naam van Jesus!

5. **Poorte Sluit gewoonlik Heksery, Toordery en Waarsêery by hul Werksaamhede in.**

Een van die manifestasies van die poorte is wat jy sal kry in **1 Kon. 21.** Daar was 'n fisiese koning oor die land van Israel met die naam van **Agab.** Maar **binne** die huis van Agab was 'n poort wie se naam **Jesebel** was – sy eie vrou. Hierdie vrou het elke besluit namens Israel geneem. Koning Agab was koninklik verlam. Die vrou het drie werktuie van **heksery** gebruik: **manipulering, intimidering en dominering,** om haar diaboliese mikpunte te bereik. Agab was totaal verlam. Hy kon nie redeneer nie, hy kon nie vir homself dink nie. Voor enige besluit, moes hy eers vir Jesebel raadpleeg. Die **poort** moes die **finale goedkeuring** gee.

1 Kon. 21:25 *"[25]Waarlik, daar was niemand soos Agab wat homself verkoop het om te doen wat verkeerd is in die oë van die HERE nie, omdat sy vrou Isébel hom verlei het."*

Die grondteks sê: ***"...wie deur Jesebel, sy vrou gemanipuleer, gedomineer, beheer of vasgedraai is."*** Die **"binnenshuise" poort** het hom vasgedraai. Agter Agab se afgodery, boosheid, hebsug, moord en korrupsie was 'n **poort.** Hy was slegs die front daarvoor.

Die **eenman poort,** Jesebel, het geen respek vir die salwing nie. Onthou jy wat Elia gedoen het a.g.v. God se salwing en die herlewing wat uitgebreek het op die berg Karmel. Versterk deur hierdie herlewing, het Elia al 450 vrugbaarheids profete van Baal doodgemaak. Agab kon niks doen op daardie berg nie. Hy moet huis toe gaan om aan Jesebel te gaan verslag doen. Jesebel, deur die gees van heksery, het by haar gode gesweer dat Elia se kop sou rol soos dié van die vorige profete.

Die Bybel sê toe Elia hierdie woorde hoor, het hy gevlug vir sy lewe! **Bose geeste het daardie woorde gesalf!** Elia het al vantevore soveel dreigemente gehoor, maar wat het gemaak dat 'n man van God met sy soort salwing, die hasepad gekies het uit vrees en desperaatheid??

Daardie woorde het 'n sekere geestelike verlamming op Elia veroorsaak. Hy kon nie bid nie, ook nie profeteer of terugveg nie. Hy moes vlug. Hy het by 'n plek gekom, aan die **slaap** geraak en dit het 'n engel gekos om hom wakker te maak! Die engel het aan hom voedsel uit die Hemel gegee; hy het dit geëet en weer geslaap! Die engel het hom weer wakker gemaak en vir hom brood, vleis en water uit die Hemel gebring.

Geestelik gesproke, is ‘n enkele aanraking van ‘n engel genoeg om geweldige krag te gee, maar die man was totaal onderdompel in toordery en heksemag. Die poort was in werking.

Elia moes na Horeb gaan, die Berg van God, voordat hy weer sy voete kon vind. Die poort was in werking. Dus sien ons dat heksery aangewend is om die gesalfde van God aan te val wie dit gewaag het om die poort van Israel te konfronteer.

6. **Poorte Dien as ‘n Groot Struikelblok vir God se Volmaakte Plan vir ‘n Volk of ‘n Persoon.**

Dit dien as **groot hindernisse** vir die manifestasie van die **mag, doel en wil** van God vir ‘n volk of ‘n persoon. Die werking van poorte: klein sataniese groepies ontmoet van plek tot plek om te probeer verhinder wat dit ookal is wat God besluit het oor mense se lewens, deur teenbesluite te neem.

Jer. 29:11 *“[11]Want Ek weet watter **gedagtes** Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, **gedagtes van vrede** en **nie van onheil** nie, om julle ’n **hoopvolle toekoms** te gee.”*

As God, is Sy gedagtes dié van die goeie en nie die slegte nie, en ook in:

3 Joh. 2 *“[2]Geliefde, ek wens dat dit met jou **in alles goed mag gaan** en dat jy **gesond** is, soos dit met jou **siel goed gaan**;”*

Dan kan ons tot die slotsom kom dat enige teenstellende manifestasie in jou lewe, kom van die poorte van die hel. Dit sal nie staande bly nie, in Jesus Naam!!

7. **Die Slagoffers van Poorte is gewoonlik Onkundig oor hul Bewegings.**

8. **Soms is Poortlede en Informante Lede van ons eie Huishouding.**

9. **Poorte kan slegs Ontdek word deur Goddelike Openbaring. 2 Kon. 6.**

Poorte word gekonfronteer en beset deur **profetiese gebed** en **geestelike oorlogvoering.** Om die land en onsself te bevry, moet ons begin stry met die verskeie plaaslike en nasionale poorte.

DIE HANTERING VAN DIE POORTE

Stadspoorte kan **lughawens, seehawens, tolhekke en paaie** wees wat lei tot die **stad, waterfronte, brue** oor riviere of enige ander **fisiese struktuur** by ‘n **in- of uitgang** van die stad wat lei na ‘n ander stad of dorp.
Baie keer wanneer jy probleme in stede begin waarneem, hoë egskeidingssyfers, veral onder God se dienaars, hoë misdaadsyfers, prostitusie, verdeeldheid en stryd tussen bedienaars en Kerkleiers in die stad, is dit manifestasies van hoë vlak demoniese, okkultiese aktiwiteite by die stadspoorte.

God neem die bediening van poorte ernstig op en dit is hoekom Hy die **poorte van brons** en die **ystergrendels** moes verbreek vir die kinders van Israel voordat hulle hul erfenis kon betree.

Ps. 107:15-16 *“15Laat hulle die HERE loof om sy goedertierenheid en om sy wonderdade aan die mensekinders;*
*16want Hy het **koperdeure** verbreek en **ystergrendels** stukkend geslaan.”*

Die Here wil hê dat Sy Kerk moet besluit wat gebeur in stede – wat ookal ons toelaat, sal bly staan, en dit wat ons nie toelaat nie, sal ontoelaatbaar wees.

Efes. 3:10 *“10...sodat nou **deur die gemeente** aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige **wysheid van God bekend gemaak** kan word...”*

God soek na goddelike manne en vroue wat vir Hom sal opstaan om te waak oor die poorte van stede/dorpe – manne en vroue wat Hy kan gebruik om die werke van die agente van duisternis onklaar te maak en lewe, vrede en vooruitgang in daardie stad te kan vrystel. Manne en vroue wat na die nuus op die radio sal luister, en die televisie sal dophou, koerante sal lees en inligting vir gebedsdoeleindes bymekaar sal maak.

As Christene, het ons nie nodig om aan te dring op die bou van ‘n kerk in die poorte van ons stede/dorpe nie, maar ons moet die geestelike toesig oor ons poorte in stand hou – intersessors moet van tyd tot tyd na die poorte van ons stede gaan om die stad aan die Here **toe te wy**, **altare** van gebed en lofprysing **op te rig, profetiese verklarings** te uiter, en oorlog te voer teen vorige satanniese altare wat opgerig is deur Moslems en okkulte werkers en dit vernietig in die gees.

Daar is ook **poorte** in die **hemele,** op **aarde** en **onder die aarde.** Daar is poorte **van stede, gemeenskappe, nasies, instellings, ens.** Laastens, is daar **poorte** na die **menslike liggaam** – die oë, mond, ore, naelstring en voortplantingsorgane.

Omdat ‘n poort ‘n plek van **beheer** is vir **in- en uitgang**, is dit dus ‘n plek van sterkte wat ernstig bewaak moet word wat betref **wat inkom en wat uitgaan.** Dit is ‘n plek van **mag, heerskappy en outoriteit –** ‘n gevegsfront. Dit is waar die rol van **POORTWAGTERS** inkom.

Poortwagters / Bewakers

Open. 21:12 **"**[12]*En dit het 'n groot en hoë muur met* ***twaalf poorte*** *gehad, en by die* ***poorte twaalf engele****, en* ***name*** *daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Israel."*

God se **poorte** het **engele** en satan se **poorte** het **demone.**

Ons leer ook dat poorte **name** het. In die ou tempel het die **name van die poorte** in die stad, die **funksie of karakter** aangedui van diegene wie daardie spesifieke poort gebruik het, bv. Skaappoort, Leeupoort, Mispoort, ens.

Dus, in die gees dui die **naam van die poort** ook die **aard en karakter** aan van die **inwoners** van die stad, die vestings en die tipes van sonde wat daar gevind sal word.

Sleutels

Die een wat die sleutels hou, is ook die wagter/bewaker van die poorte – soos 'n demoniese "deurwag" – hy maak die deure / poorte oop of toe – dus het hy die **outoriteit.**

Indien jy nie hierdie demoniese bewaker verdryf nie, sal hy terugkeer om die poorte oop te sluit en oop te maak om weer die sterkman of heerser van die gebied te laat inkom.

Intersessie

Jes. 62:10 **"**[10]*Gaan in,* ***gaan in deur die poorte****,* ***berei die weg*** *van die volk! Vul op,* ***vul op die grootpad, gooi die klippe weg****,* ***steek 'n banier op*** *oor die volke!"*

Om die poorte van die Hemel te bereik, moet mense eers losbreek van die poorte van die vyand. **Intersessie maak die weg oop na die Hemel se hekke.** Dinge wat in die pad is veroorsaak dat mense struikel en terugval. Ons lewens is **getuienisse** wat die pad vir mense aandui. Ons word die **standaard** wat God oprig teen die vyand omdat ons lewens getuig van die krag van die kruis en die krag van die Bloed van Jesus. **Ons lewensstyle maak die pad oop vir ander om te volg.** Jou lewe is soos 'n **vlag of banier** wat in die gees gehys is, en dit dui die teenwoordigheid en heerskappy van Christus aan. Indien die **vrug van die Gees** in jou lewe is, is die **banier** bokant jou liefde, en God se liefde dryf alle vrees uit.

By die poorte van die hel word **planne en petisies** opgetrek teen ons en dit is ook die plek waarvandaan demoniese geeste losgelaat word met hul opdragte teen God se kinders.

Voorbeeld Gebed:

*Vader God, ons kom nou te staan teen daardie petisies van die demoniese geeste wat by die **poorte** losgelaat is met **opdragte** teen die kerk / hierdie byeenkoms / hierdie plek / hierdie tyd / hierdie bediening, - in die kragtige Naam van Jesus.*

*Vader, ons vra U nou om ons saak te beoordeel en ons dank U Vader, dat U in ons guns besluit, en nou Here, dat U daardie demone sal stroop van hul opdragte, sodat hul planne gekanselleer sal word, en dat die wapens teen ons gevorm, nie sal slaag nie. Here, ons vra dat U die **poortwagter** sal blootlê.*

*Ons dank U vir U Woord wat sê dat U aan ons die **Sleutels van die Koninkryk** gegee het, en nou bind ons die poortwagter wat sleutels in sy hand het en die verlossing en finansiële seëninge van God se mense toesluit, in die Naam van Jesus, en ons neem daardie sleutels terug. Ons plaas die sleutels in die **tronkdeure** en ontsluit dit en ons maak U krag los, ons maak U seëninge los, ons maak die finansies los in Jesus Naam en ons beveel die **gees van armoede** wat daaroor gewaak het, se ontslag om onmiddellik in werking te tree, in Jesus Naam. Ons bind jou in die Naam van Jesus en maak nou daardie finansies los uit die beheer van Baal in Jesus Naam.*

Mat. 16:19 *"[19]En Ek sal jou die **sleutels van die koninkryk van die hemele** gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees."*

Die neem van gesag oor ons poorte, behels dat die volgende gedoen moet word:

Dit is altyd goed om al hierdie profetiese aksies by die poorte, te begin deur belydenis te doen vir die sondes van die grondgebied deur die Bloed van die Lam in te roep en te pleit vir versoening.

1. Onderskei in gebed die fisiese en geestelike poorte van jou stad/dorp.
2. Voer gereelde gebedswandelinge uit rondom hierdie poorte, bid en rig goddelike altare daar op, terwyl die stad/dorp aan God toegewy word.
3. Salf hierdie plekke gereeld as 'n teken dat 'n altaar daar opgerig is.
4. Voer geestelike oorlogvoering teen sataniese poorte of altare wat daar opgerig is tot nou toe, en gebruik:

Ps. 24:7-10 *"[7]Hef op julle hoofde, **o poorte,** ja, verhef julle**, ewige deure**, dat die Erekoning kan ingaan!*
[8]Wie is tog die Erekoning? Die HERE, sterk en geweldig, die HERE geweldig in die stryd.
*[9]Hef op julle hoofde, **o poorte**, ja, hef op, **ewige deure**, dat die Erekoning kan ingaan!*
[10]Wie is dan tog die Erekoning? Die HERE van die leërskare—Hy is die Erekoning! Sela."

Ps. 107:15-16 *"[15]Laat hulle die HERE loof om sy goedertierenheid en om sy wonderdade aan die mensekinders;*
*[16]want **Hy het koperdeure verbreek en ystergrendels stukkend geslaan**."*

Jes. 45:12 *"[12]Ek het die **aarde** gemaak en die **mens daarop geskape;** Ek—my hande het die **hemel** uitgespan, en Ek het aan sy ganse l**eërskare** bevel gegee."*

Mat. 16:18 *"[18]En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots **sal Ek my gemeente bou**, en **die poorte van die doderyk** sal dit nie oorweldig nie."*

Gen. 22:17 *"[17]...dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; en **jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem."***

Jes. 26:1-2 *"IN dié dag sal hierdie lied gesing word in die land Juda: 'n Sterk stad het ons; God stel heil tot mure en skanse.*
[2]Maak oop die poorte, dat die regverdige nasie kan ingaan wat die trou bewaar!"

Jes. 60:11 *"[11]En **jou poorte sal altyddeur oopstaan**; hulle sal bedags of snags **nie gesluit word nie**, om na jou toe aan te bring die rykdom van die nasies en hulle konings in triomftog."*

5. Verklaar dat engele in beweging sal wees by die poorte van jou stad/dorp soos in:

Gen. 28:12 *"[12]En hy het gedroom—daar is 'n leer op die aarde opgerig waarvan die spits tot aan die hemel reik, terwyl die engele van God daarlangs **opgeklim en daarlangs neergedaal** het."*

Jes. 45:1 *"SO sê die HERE aan sy gesalfde, aan Kores, wie se regterhand Ek gevat het om nasies voor hom neer te werp, terwyl Ek die lendene van konings losgord; om voor hom **deure oop te maak**, en **poorte sal nie gesluit bly nie**:"*

Jes. 28:5-6 *"[5]In dié dag sal die HERE van die leërskare wees tot 'n sierlike kroon en 'n pragtige krans vir die oorblyfsel van sy volk,*
*[6]en tot 'n **gees van strafgerig vir hom** wat **sit oor die gereg**, en tot 'n **sterkte vir hulle wat die geveg terugdring na die poort toe."***

Die uitdaging vir die Kerk is dat ons probeer om die mense gered te kry sonder om eers af te reken met die magte wat hulle beheer. Dit is onmoontlik en onskriftuurlik. Voordat Moses vir Israel uit Egipteland kon kry, moes hy afreken met die bose magte agter Farao – hy het afgereken met die **aardgeeste** deur **stof** te neem, dit in die lug op te gooi, en dit het luise op die koppe van die Egiptenare geword.

Hy het afgereken met hul **slang aanbidding** deurdat die **slang van Moses** die slange van die Egiptiese towenaars ingesluk het. Hy het selfs afgereken met al die **eersgeborenes** en sterfte het plaasgevind onder mens en dier.

Daniel het ook afgereken met die prins van Persië en Griekeland voordat Israel vrygelaat is uit Babilon.

Mat. 12:29 *"[29]Of hoe kan iemand in die* ***huis van 'n sterk man*** *ingaan en sy goed roof, as hy nie* ***eers die sterk man geboei*** *het nie? En dan sal hy sy huis* ***beroof****."*

Om af te reken met die territoriale magte wat stede beheer, is dit belangrik om deur **geestelike kartering** die heersende magte te bepaal en hulle by die naam aan te spreek wanneer territoriale geestelike oorlogvoering gedoen word.

Hierdie magte sluit in:

1. **Astarte (ook genoem Astoret)**

Ook genoem die **Koningin van die Hemele (Jer. 7:18; 44:17-19, 25).** Hierdie godin is in beheer van **vals godsdiens** en is hoof oor **alle godsdienstige geeste.** Sy is in beheer waar oesfeeste, vrugbaarheidsgode, ens. aanbid word. Voorbeeld: 'New Yam' fees. (Natuurgodsdienste; Heidendom; Voorvaderlike aanbidding).

Sy is in beheer van **voorvaderlike aanbidding** en put genot uit die offerande van eersgebore kinders en tweelinge. Sy is die een wat mag gee aan toordokters wat met kruie werk.

Sy is bekend onder baie ander name, bv. Diana, die prostituut godin van die Efesiërs; Venus, die godin van liefde; "Heilige Moeder" of "Moeder van God" – aanbid deur die Rooms Katolieke.

Sy is ook verantwoordelik vir die Babiloniese godsdiensstelsel in okkulte, astrologie en waarsêery (fortuinvertellery). Sy word verteenwoordig deur die **maan** en wanneer ookal sy op die aarde is, woon sy onder die swart klip (*Kaaba)* in Mekka.

2. BEELSEBUB (Mat. 12:27; Mark. 3:22; Luk. 11:15)

Sy naam beteken “heer van die vlieë” en hy oefen beheer uit in die geestesrealm oor alles wat **vlieg** en is dus aangestel oor al die **hekse** en **towenaars** wat in die nag na die geesteswêreld vlieg. Hy is in beheer van die bymekaarmaak van **bloedoffers** wat aan satan gemaak is. Beelsebub is ‘n spesialis in die vernietiging van lewens deur motor-ongelukke, vliegtuig-ongelukke, trein-ontsporings of katastrofiese gebeure waar baie lewensverlies plaasvind, en gebruik hierdie gebeure om bloed op te gaar in ‘n geestelike bloedbank vir satan. Hy is die lyfwag van satan. (Voorgestel deur halfman/halfperd; perd met vlerke, draak).



3. MAMMON (Mat. 6:24; Luk. 16:13)

Hierdie gees is in bevel van die stoorkamers van satan en versprei sy rykdom aan diegene wat bereid is om hulself te verkoop vir geld en rykdom, d.i. hy is die **tesourier.** Hy beheer die demone van hebsug, gierigheid, armoede, selfsug en finansiële armoede. (Goue demoon).
Hy is die gees agter die liefde vir geld.
Hy het kontak met sekere families in stede en volke wat sy sake reël vir groot somme geld wat gebruik word vir dinge soos oorlog, prostitusie, verdrae, politiek, dobbel en die verspreiding van harde dwelms. Hy is die gees wat maak dat mense enigiets sal doen om geld te kry. Hy manipuleer Christene deurdat hy hulle oortuig om nie hul tiende en vir God se werk te gee nie, deur hul finansies te strem.



4. BAAL

Die Bul god. Dit is die mag agter **son aanbidding**. Dit moedig immoraliteit, alkoholisme, verslawing, en rook aan, en dit bring waansin en verstandelike siektes mee. Hy gebruik tabak, hallusinerende dwelms, disko’s, seks, moord en hoogmoed om sy slagoffers mee te beheer. Hy oorreed mense van binne om hul eersgebore kinders vir sataniese offerandes te skenk. Baal is die **ster** in **oosterse godsdiens** (hoofkwartier in Mekka) en is agter geheime organisasie losies. Hy is die alsiende oog van **vrymesselary** en die **derde oog** by die **Oosterse godsdienste.**

2 Kon. 23:5 **“**[5]*En hy het die afgodspriesters uitgeroei wat deur die konings van Juda aangestel was om op die hoogtes in die stede van Juda en in die omgewing van Jerusalem rook te laat opgaan, en ook die wat* ***vir Baäl****, vir die son en die maan en die sterrebeelde en die hele leër van die hemel offerrook laat opgaan het.”*

Jer. 19:5 *"[5]En hulle het die hoogtes **van Baäl** gebou om hulle seuns met vuur te verbrand as brandoffers aan Baäl—iets wat Ek nie beveel of uitgespreek het nie, of wat in my hart nie opgekom het nie."*

5. PAIMON



Die Kristal demoon. Dit is die mag wat in werking is in **wit klere "kerke"** en **vals profesieë** voortbring.
Hy is die een agter waarsêers, astroloë, voorspellers en fortuinvertellers, kristal balle, VVO's, sterre, planete, water, en spieëls. Mense gaan na hierdie persone of "profete" toe, en hulle word hul name, adresse, selfs hul probleme vertel. Natuurlik glo jy dat dit God is, maar dit is nie so nie, dit is die demone wat deur ***Paimon*** beheer word wat die inligting deurgee aan hul agente. Christene moet bid sodat hulle die waarheid van die leuen kan onderskei.

6. ASMODEE

Die Stinker. Hierdie mag werk met **watergeeste** en is in beheer van **seksuele immoraliteit.** Dit is hulle wat in jong meisies invaar en hulle dan stuur na kerke om kerkleiers in sonde te laat val. Hulle sit agter prostitusie, **seksuele perversiteite** soos homoseksualiteit, lesbianisme, onvrugbaarheid, verkragtings, huwelikskonflikte, miskrame en die dood van kinders, geestesmans en geestesvroue, trou vir seks, ens. Hulle opereer met en deur **marine geeste (hy is die hoof) en leviatan geeste. (Job. 41; Ps. 74:13-14; Jes. 27:1)**
Ongelukkig sien ons 'n toename in manifestasie van hierdie gees wat die Kerk en ons stede/dorpe binnekom. Ons moet daarmee afreken.

7. MAGOG (Gen. 10:2; Eks. 38:2; Open. 20:8)

Hierdie mag veroorsaak **oorlog** en **geweld** in stede/dorpe. Hy leer mense en nasies om oorlog te maak en is nie besorg oor wie die oorlog wen nie, maar stel slegs belang dat daar bloed vergiet moet word.
Hy is ook die **demoon van yster**. Dit is die mag agter ***Ogun*** in Afrika. Hy is die gees wat woede, bitterheid, haat en onvergifnis tussen stamme veroorsaak. Hy gee openbarings deur gelukbringers, help mense oorlog maak en word onoorwinlik, en koeëls, kapmesse en spiese, ens., kan hom nie affekteer nie. Hierdie mag stel demone vry om hierdie manifestasies te bring gedurende **gevegte** en **oorloë.**

8. ARITON

Magiese kragte; Gelukbringers en Spieëls.

HIëRARGIE VAN SATAN – 999

OWERHEDE							
APPOLLION **Vals godsdiens.** **Afgodery**		**BELIAL** **Oorlog en dood**		**ABADDON** **"Ewige vernietiging".** **Sleg reukend.** **Wellus van die vlees.**			**DIE DIER – 666** **Misleiding** **Verlatenheid**
		MAGTE					
ASTAR-TE Koningin van die Hemele	**BAAL** Bul god	**MAGOG** Oorlog	**PAIMON** Hemelse demone	**BEELSE-BUB** Heer van die Vlieë	**ASMO-DEE** Die Stinker	**ARITON** Magiese magte	**MAM-MON** In beheer van satan se stoor-kamers
Natuur gods-dienste	Alkohol	Demoon van Yster	Ster / Planeet aanbidding	Lyfwag van satan	Seksuele immora-liteit	Geluk-bringers	Verkoop wat aan satan behoort
Heiden-dom	Tabak	Oorlogs toerusting	VVO's	Hekse / towenaars	Trou vir seks	Spieëls	Massa handelaar
Voorvader aanbid-ding	Dwelms	Woede, haat, ens.	Kristal demoon	Halfmens / Halfperd	Jesebel		Kontrakte met geld
Maan aanbid-ding	Disko's	Germaan-se wortels	Kristalballe	Perd met vlerke	Prostitu-sie		Goue demoon
Islam	Waansin	Kommu-nisme	Water	Draak	Onvrug-baarheid		Tesourier
	Son / Ster aanbid-ding		Spieëls		Verkrag-ting		
	Oosterse gods-dienste		Waarsêers		Water-geeste		
	Geheime organi-sasies		Fortuin-vertellers		Marines (water)		

BOU EN PLANT

Met geestelike oorlogvoering oor stede/dorpe, is dit belangrik om op te let dat die werk van territoriale bevryding en verlossing, nie afgehandel is nadat trone, magte, owerhede, heersers van duisternis neergetrek en uitgewerp is nie. Daar moet **gebou** en **geplant** word soos Jeremia ook opdrag gekry het om te doen in **Jer. 1:10b.**

Dit word gedoen deur oor die stad/dorp te profeteer. Skrifgedeeltes wat oor stede/dorpe geprofeteer kan word, sluit in:

Sag. 8:20-22 *"[20]So sê die HERE van die leërskare: Nog sal volke aankom en die inwoners van baie stede.*
*[21]En die inwoners van die een stad sal gaan na die ander en sê: Kom, **laat ons heengaan** om die **aangesig van die HERE om genade te smeek** en die **HERE van die leërskare** te soek. Ek wil ook gaan!*
*[22]So sal dan **baie volke en magtige nasies** kom om die HERE van die leërskare in **Jerusalem** te **soek** en die **aangesig** van die **HERE om genade te smeek**."*

Jes. 45:8 *"[8]Laat dit drup, o hemele, van bo af, en laat die wolke vloei van **geregtigheid;** laat die aarde oopgaan, en laat **heil voortkom en geregtigheid**; laat hulle saam **uitspruit**. Ek, die HERE, het dit **geskape."***

Jes. 60:18 *"[18]Van **geweld** sal in jou land nie meer gehoor word nie—van geen verwoesting of verbreking in jou grondgebied nie; maar jy sal **jou mure Heil noem en jou poorte Lof."***

Jes.62:1-4 *"TER wille van Sion sal Ek nie swyg nie en ter wille van Jerusalem nie stil wees nie, totdat sy **geregtigheid uitbreek** soos 'n **glans en sy heil soos 'n fakkel** wat brand.*
*[2]En die **nasies** sal jou **geregtigheid** sien en al die konings jou **heerlikheid;** en jy sal met 'n **nuwe naam** genoem word wat die mond van die HERE sal noem.*
[3]En jy sal 'n sierlike kroon wees in die hand van die HERE en 'n koninklike tulband in die hand van jou God.
[4]Jy sal nie meer genoem word Verlatene nie, en jou land sal nie meer genoem word Wildernis nie. Maar jy sal genoem word: my welbehae, en jou land: die getroude; want die Here het 'n behae in jou, en jou land sal getroud wees."

Jes. 60:10-11 *"[10]En uitlanders sal jou mure bou, en hulle konings sal jou dien; want in my toorn het Ek jou geslaan, maar in my welbehae het Ek My oor jou ontferm.*
*[11]En jou **poorte sal altyddeur oopstaan**; hulle sal **bedags of snags nie gesluit word** nie, om na jou toe **aan te bring die rykdom van die nasies** en hulle konings in triomftog."*

Jes. 60:1-3 ***"STAAN op****, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die* HERE *gaan oor jou op.*
*[2]****Want kyk****, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jóu sal die* HERE *opgaan, en* ***sy heerlikheid sal oor jou gesien word.***
[3]En nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang."

Jes. 19:1, 19, 23 ***"****GODSPRAAK oor_____. Kyk, die* HERE *ry op 'n vinnige wolk en kom na _____toe; en die afgode van _____wankel voor sy aangesig, en die hart van Egipte smelt in sy binneste.*
[19]In dié dag sal daar 'n ***altaar wees vir die HERE*** *binne-in _____en 'n gedenksteen vir die* HERE *by die grens.*
[23]In dié dag sal daar 'n ***grootpad*** *wees van _____na Assirië, en Assiriërs sal in _____kom en _____in Assirië; en _____sal saam met Assirië die* HERE *dien."*
NB: (elke plek waar Egipte geskryf staan, laat 'n lyn oop vir jou eie stad/dorp se naam)

Jes. 45:13 ***"****[13]Ek het hom verwek in geregtigheid, en al sy weë sal Ek gelykmaak; hý sal my stad bou en* ***my ballinge loslaat*** *sonder koopprys en sonder geskenk, sê die* HERE *van die leërskare."*

STRATEGIE VIR MOBILISASIE

Heiligheid

Open. 22:14 ***"****[14]Salig is die* ***wat sy gebooie doen****, sodat hulle* ***reg kan hê*** *op die boom van die lewe en* ***ingaan*** *deur die poorte in die stad."*

Hierdie skrifgedeelte wys aan ons dat ons ons klere moet was ten einde die reg te kan hê om die poorte binne te gaan. Jesus kom terug vir 'n Bruid sonder vlek of rimpel.

Ons mag nie hierdie poorte binnegaan, behalwe as ons ons klere van redding skoonhou nie. Dit is vanselfsprekend dat as ons nie skoon is nie, ons ook nie die outoriteit sal hê om die poorte van die hel te oorkom nie.

In elke stad rig God Nehemia's op wat belas sal wees met die **"verbrande poorte"** en **"afgebreekte mure"** van die stad, mense wat besorg sal wees oor die **"verlatenhede"** en **"ruines"** van die stad, oor die vlak van afgodery, heksery, immoraliteit, geweld en sataniese oppressies wat in die stad/dorp voorkom.

God rig altyd die Daniels op wat die **tydsbestek** van die Here sal verstaan (**Dan. 9:2)** en wat sal begin intree vir hul stede/dorpe en nasies, sodat daar 'n vervulling van God se planne en raad kan plaasvind, asook 'n openbaring van God se verlossings doeleindes.

Soms bid die Nehemia's en die Daniel's vir weke en maande voordat hulle enige stappe kan neem.

Neh. 1:4 *"[4]En toe ek hierdie woorde hoor, het ek **gesit en ween**, en ek het dae lank **getreur**; en ek het **gevas en gebid** voor die aangesig van die God van die hemel..."*

Daniel het dieselfde gedoen:

Dan. 9:2-3 *"[2]...in die eerste jaar van sy regering het ek, Daniël, in die boeke gemerk dat die getal jare waaroor die woord van die HERE tot die profeet Jeremia gekom het met betrekking tot die puinhope van Jerusalem, sewentig volle jare was.*
*[3]En ek het my **aangesig tot die Here God gerig** om met **vas,** en **in roukleed en as**, my aan **gebed en smekinge** te wy."*

Volgende, het hy deur gebed, diegene begin identifiseer en bymekaarmaak wie se harte ook belas was vir daardie stad. God is altyd getrou, want Hy sal 'n **netwerk** teweegbring tussen die intersessors deur op goddelike wyse manne en vroue aan mekaar te skakel wat dieselfde voel oor dinge.

Dit is 'n duidelike waarheid dat dit die hele Kerk van 'n stad kos om 'n stad vir God te wen en dus moet die **las-draers** sulke ondersteuners met visie inbid, en hulle moet ook verkieslik intersessors of bedienaars moet wees, oorgegee aan gebed.

2 Kron. 29:3-4 *"[3]Hý het in die eerste jaar van sy regering, in die eerste maand, die deure van **die huis van die HERE** oopgemaak en dit herstel,*
*[4]en die **priesters en die Leviete laat inkom** en hulle versamel op die **Oosplein** ..."*

Dit is slegs deur gebede dat God mense saambring om verantwoordelikheid te neem oor stede/dorpe. God kies die Self die Bewakers en dit slegs deur gebede.

Jes. 62:6-7 *"[6]o Jerusalem, Ek het **wagte** op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. o Julle wat die HERE **herinner** aan sy **beloftes**—**moenie rus nie***
[7]en laat Hom nie met rus nie, totdat Hy Jerusalem bevestig en maak tot 'n lof op aarde!"

Soos hierdie mense begin saamkom om te bid, begin God om aan Hulle Sy verlossings planne vir die stad/dorp te wys, asook die diep geheime van sataniese strategieë in die land, en gee aan hulle oplossings hoe om sulke sataniese strategieë tot niet te maak en te neutraliseer.

Maar, hierdie is nie werklik die enigste groep wat die Here begeer moet die land in besit neem nie. Hulle is die mense wat **ploeg** en **waak.** Diegene wat **ploeg** is die **geestelike karteerders** en die bewakers, natuurlik, is die **intersessors.**



Die belangrikste, maar dikwels die moeilikste aspek van die werk om stede/dorpe vir God in te neem, is om 'n **netwerk op te bou tussen die pastore / bedienaars van die stad/dorp.** Hierdie pastore wat saamkom om te bid vir die stad/dorp, bestaan uit die **ouderlinge** by die poorte soos dit in die Bybelse tyd was – toe het die ouderlinge ook op verskillende tye en plekke saamgekom om te:

- Intersessie te doen vir ernstige sake van die gemeenskap **(Lev. 4:13-15)**
- Voorsien leierskap aan die mense **(Num. 11:16-25)**
- Los konflik op en ondersoek bose sake (**Mat. 26:3, 59)**
- Hou geestelike toesig **(Job 1:5)**
- Gee geestelike wetgewing **(Dan. 4:17)**
- Bied geestelike rigting aan die Kerk **(Esra 3:10-13)**

Soos die vorige ouderlinge hierdie rolle lank gelede vervul het, soek die Here ook in hierdie nuwe bedeling na **"ouderlinge by die poorte"** wat hierdie selfde rolle sal vervul in ons stede/dorpe.

Wanneer die netwerk van pastore en bedienaars in die stad bymekaarkom om te bid vir die stad, neem hulle gesag in die gees oor die stad en sluit boosheid uit terwyl geregtigheid ingegrawe word. Hulle is ook veronderstel om:

- Geestelike ouerlike versorging te gee aan die jonger geslag in die Liggaam (**1 Pet. 5:1-5)**
- Bose altare en afgodstradisies en kulture moet geidentifiseer en vernietig word, en goddelikes in die plek daarvan gestel word.
- Spreek met gesag teenoor die politieke leiers oor enige aktiwiteit in die stad/dorp wat 'n vloek of oordeel op die grond bring.

Ongelukkig sien baie pastore en bedienaars nie die belangrikheid van hierdie funksies in nie, maar wil eerder betrokke wees by die uitdagings van hul plaaslike gemeentes. God soek na **netwerking** tussen Sy **bedienaars** en die intersessors het die verantwoordelikheid om hierdie openbaring te deel met die pastore/bedienaars en te bid totdat hulle die begrip van die belangrikheid van hierdie netwerk het.

Prakties help dit die intersessors as hulle onder gebed saamwerk met **bestaande netwerke** soos Jerigo Mure, Herald Ministries, ens., in die geval van Suid Afrikaanse stede/dorpe.
Daar is sterk gebedsnetwerke in Afrika waar miljoene betrokke is. Prys God vir die netwerking wat Hy alreeds gedoen het op ons kontinent!!

GEBEDS STRATEGIEë

1. **Profetiese Gebed**

Dit is gebed geinspireer deur die Heilige Gees wat die geestelike en fisiese situasie in ons gemeenskappe, stede en God se skepping, beinvloed as die Woord van God gespreek word om God se plan vir gegewe situasies te verklaar.

In feitlik alle gevalle is die profetiese verklarings wat deur die Heilige Gees gegee word aan die intersessor, 'n presiese teenoorgestelde van wat hy sien, maar omdat God dinge roep wat nog nie bestaan nie, asof dit bestaan, is dit deur profetiese gebed dat God se planne na vore geroep word.

Mense wat betrokke raak in profetiese gebed, moet mense wees wat gees-vervuld is, asook gevul met die Woord van God.

Voorbeelde van Profetiese Gebed:

- **Dawid** se profetiese verklaring teen Goliat (**1 Sam. 17:45-47)**
- **Esegiël** moes profeteer oor die vallei vol doodsbeendere (verteenwoordig die Huis van Israel) en dit het 'n aansienlike, groot weermag geword **(Eseg. 37:1-14)**
- **Jesus** se profetiese woord teen die vyeboom **(Mark. 11:12-24)**
- Oordeel oor **Ananias en Saffira (Hand. 5:1-9)**
- Die profesie van **Elisa** om die onvrugbare waters en die land van Jerigo te genees **(2 Kon. 2:18-22)**
- **Paulus** handel met Elimas die towenaar **(Hand. 13:11)**
- **Esegiël** spreek oordeel uit oor die oudstes van Israel wat bose raad aan die volk gegee het **(Eseg. 11:1-13)**

Die Rol van Profetiese Gebed.

- Om God se planne te verklaar binne Sy perfekte Tydsberekening.
- Om heerskappy uit te oefen oor die skepping en situasies.
- Om sataniese manifestasies om te draai en God se wil in ons gemeenskappe, stede en nasies in te dra.

2. **Profetiese Aksie**

Hierdie is aksies deur die Heilige Gees geinspireer oor sekere situasies om God se plan in werking te bring oor sulke omstandighede en situasies. Dit kan of kan nie vergesel wees deur profetiese gebed. Dit behels dat 'n **aksie** fisies geneem moet word, maar is gelei deur die Gees en het dus diepe geestelike implikasies. In die meeste gevalle, word dit uitgevoer met profetiese gebed, na of voor die aksie.

Bybelse Voorbeelde.

a. Josua en al die manne van oorlog wat deur God gevra is om rondom die mure van Jerigo te **marsjeer.** Die poorte was "veilig toegesluit" en tog het die Heilige Gees hier profetiese aksie deurgegee om alle mure en poorte te laat verkrummel.

b. Jerigo is deur Josua vervloek en die vloek het bly staan vanaf daardie tyd totdat Elisa deur die manne van die stad genader is om die vloek te kanselleer.

Toe het die manne van die stad vir Elisa gesê:

2 Kon. 2:19 "[19]*En die manne van die stad het vir Elísa gesê: Kyk, die ligging van die stad is goed soos my heer sien, maar die water is sleg, en die grond veroorsaak onvrugbaarheid."*

Dit was die profetiese aksie wat deur Elisa uitgevoer is wat daardie vloek na honderde jare gelig het.

2 Kon. 2:20-21 "[20]*En hy antwoord: Bring vir my 'n nuwe skottel en gooi daar* ***sout*** *in. En hulle het dit na hom gebring.*
[21]*Daarop gaan hy uit na die plek waar die water uitkom en* ***gooi die sout daarin*** *en sê: So spreek die HERE:* ***Ek*** *het dié water gesond gemaak; daar sal* ***geen dood of onvrugbaarheid meer van kom nie."***

In hierdie spesifieke geval, is die profetiese aksie gekombineer met profetiese uitering.

c. Die Genesing van Naaman (2 Kon. 5)

Naaman, bevelvoerder van die weermag van die koning van Sirië, het melaats gehad en dit het die uitvoering van 'n profetiese aksie geneem, aan hom gegee deur Elisa en deur die Heilige Gees geinspireer, om gesond te kon word. Elisa het 'n boodskap na hom gestuur: ***"Gaan was jou sewe maal in die Jordaan en jou liggaam sal gesond word".***

Die eenvoud van hierdie opdrag het Naaman kwaad gemaak en hy was woedend in sy protes teen hierdie wassery in die Jordaan – sy bediendes het hom oorreed om dit wel te doen.

Gewoonlik lyk profetiese aksies baie dwaas in die oë van mense, maar as dit in die geloof gedoen word, bring dit resultate wat nie vergelykbaar is met wat normaalweg in die natuurlike verwag kon word nie.

Hoe kan dit verduidelik word dat die sout die water kon genees wat dood en onvrugbaarheid in die stad veroorsaak het?

Hoe kan dit verduidelik word dat die water van die vuil Jordaanrivier Naaman se melaatsheid sou genees?

God gee aan ons **goddelike aanwysings** wat soms dwaas lyk, maar wanneer ons gehoorsaam, sal dit sorg vir groot oorwinnings.

1 Kor. 1:27-29 *"[27]…maar maar wat **dwaas** is by die wêreld, het God uitverkies om die **wyse te beskaam**; en wat **swak is by die wêreld,** het God uitverkies om wat **sterk is, te beskaam;***
[28]en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies, en wat niks is nie, om wa t iets is, tot niet te maak,
[29]sodat geen vlees voor Hom sou roem nie."

Die geheim van die sukses van profetiese aksie, is **sensitiwiteit** vir die **ingewings** van die Heilige Gees en **algehele gehoorsaamheid** aan Sy opdragte terwyl die detail sorgvuldig uitgevoer word.

Ons benodig **goddelike strategieë** om stede/dorpe vir God in te neem. Dit was onteenseglik die menslike en militêre poging wat Josua nodig gehad het om Jerigo te kon inneem, siende op die vlak van versterking, maar met God se goddelike strategie het die stadsmure geval soos 'n kaartehuis. Wat ons nodig het, is 'n intieme wandel met die Here. Soos Hy ons aanmoedig om dinge te doen en ons gehoorsaam, sal ons 'n toename in Sy heerlikheid en goddelike manifestasies sien.

HANTEER DIE HORINGS WAT 'N STAD TEISTER

Daar is 'n sataniese "bediening" genoem die **bediening van die horings.** Soos die **horings** van diere daar is vir **veg, uitmekaar jaag en vernietiging,** het sommige mense hierdie bose bediening van **veg, verstrooi en vernietig.** Sulke mense en bose geeste bestaan in elke gemeenskap en stad wat spesialiseer daarin om seker te maak dat niemand sy kop oplig in daardie stad of gemeenskap nie. Hulle val die **fisiese, geestelike, sosiale en materiële ontwikkeling** van stede aan.

Sag. 1:18-21 *"[18]EN ek het my oë opgeslaan en gekyk—daar was **vier horings**.*
*[19]Toe sê ek aan die engel wat met my gespreek het: Wat beteken dit? En hy antwoord my: **Dit is die horings** wat **Juda,** Israel en Jerusalem **verstrooi** het.*
[20]Daarop toon die HERE my vier smede.
*[21]Toe sê ek: **Wat kom hulle maak**? En Hy antwoord en sê: **Dit is die horings** wat Juda só **verstrooi** het dat **niemand sy hoof opgehef** het nie; maar hierdie manne het gekom om hulle **skrik aan te jaag**, om die **horings van die nasies neer te werp** wat die horing teen die land van Juda opgesteek het om dit te verstrooi."*

Horings is die **sterkmanne** van die stad/dorp, die **moeilikheidmakers** van die stad, wat **opstande** veroorsaak, ook dat mense se besighede voortydig **sterf,** hulle spreek oproepinge uit, asook towerspreuke en maak verklarings in die hemele.



Met hulle word gehandel deur **profetiese verklarings** deur intersessors wat Skrifgedeeltes gebruik soos:

Ps. 35:4-8 ***"****[4]Laat hulle wat my lewe soek,* ***beskaamd staan*** *en* ***in die skande*** *kom; laat hulle wat my ongeluk beraam,* ***agteruitwyk*** *en* ***rooi van skaamte*** *word!*
[5]Laat hulle word soos ***kaf*** *voor die wind, terwyl die Engel van die HERE hulle wegstoot.*
[6]Laat hulle weg ***duister en glibberig*** *wees, terwyl die Engel van die HERE hulle* ***vervolg!***
[7]Want hulle het sonder oorsaak die kuil met hul net vir my verberg, hulle het sonder oorsaak gegrawe teen my lewe.
[8]Laat verwoesting oor hom kom sonder dat hy dit weet, en laat sy net hom vang wat hy gespan het; laat hom daarin val met verwoesting!"

Jes. 8:9-10 ***"****[9]Maak geraas, o volke, en—stort inmekaar; en luister, alle ver plekke van die aarde!* ***Gord julle*** *en—stort inmekaar; gord julle en—****stort inmekaar.***
[10]Neem 'n besluit, en dit sal ***verydel*** *word; maak 'n afspraak, en* ***dit sal nie tot stand kom nie; want God is met ons!"***

Pred. 10:8 ***"****[8]Wie 'n* ***kuil grawe, kan daarin val;*** *en een wat 'n muur afbreek, 'n* ***slang kan hom byt."***

3. Gebedswandelinge

Wanneer intersessors verantwoordelikheid neem oor hul gemeenskappe en stede, moedig die Heilige Gees hulle aan om rondom sulke plekke te stap, daaroor te bid en te profeteer oor die grond. In sommige gevalle word ons gelei om op 'n gebedswandeling te gaan, toegerus met 'n klein botteltjie **salfolie** wat maklik in die palm van die hand pas, en dan word altare en afgodstempels profeties gesalf en in die gees vervloek en vernietig.

Jos. 1:3 ***"****[3]Elke plek waar julle voetsool op sal trap, dit gee Ek aan julle, soos Ek met Moses gespreek het."*

Ons kan hierdie skrif toepas wanneer ons op ons **wagposte** stap.

Die reël van die spel in die uitvoering van gebedswandelinge egter, is dat jy diskreet moet wees – moenie Bybels saamdra nie, ook nie opvallend bid nie, nie waters opvallend salf nie, ook nie altare, afgodstempels, grond, ens. Moenie in groot groepe beweeg nie.

Soms word ons gelei om voor huise te staan en **redding** te profeteer aan die **mense** waarin **Jes. 45:8** gebruik word, en in sommige gevalle, waar **geweld** en gewapende roof 'n probleem is, het God ons gehelp om gebedswandelinge te doen in sulke omgewings terwyl ons verklaar:

Jes. 60:18 *"[18]Van **geweld** sal in jou land **nie meer** gehoor word nie—van **geen verwoesting of verbreking** in jou grondgebied nie; maar jy sal jou mure Heil noem en jou poorte Lof."*

Elke keer wanneer ons so gelei is en om in sulke gemeenskappe die **poorte te sluit** teen rowers, het ons positiewe veranderinge begin opmerk.

4. **Intersessie Lofprysing.**

Dit is 'n groot oorlogvoerings-strategie om ons gemeenskappe vir God te neem.

Jes. 56:7 *"[7]...hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke."*

Die woord **gebed** in hierdie skrif ***"tephillah"*** dui op 'n gebed wat gebring word in die vorm van formele aanbidding.
M.a.w., hierdie skrif kan vertolk word as ***"My huis sal 'n Huis van gebed en lofprysing genoem word".***

Soms, wanneer intersessors afgedruk voel deur 'n gebedslas, wil God hê ons moet ons vreugde behou. Die krag van lofprysing in geestelike oorlogvoering kan nie oorbeklemtoon word nie.

Ps. 149:1, 3, 6-9 *"HALLELUJA! Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied, sy lof in die vergadering van die gunsgenote!*
[3]Laat hulle sy Naam loof in koordans, Hom psalmsing met tamboeryn en siter.
[6]Lofverheffinge van God is in hulle keel, en 'n tweesnydende swaard in hulle hand;
[7]om wraak te oefen onder die heidene, strafgerigte onder die volke;
[8]om hulle konings met kettings te bind en hulle edeles met ysterboeie;
[9]om 'n vonnis wat opgeskrywe is, aan hulle te voltrek. 'n Eer is dit vir al sy gunsgenote! Halleluja! [7]om wraak te oefen onder die heidene, strafgerigte onder die volke;
[8]om hulle konings met kettings te bind en hulle edeles met ysterboeie;
[9]om 'n vonnis wat opgeskrywe is, aan hulle te voltrek. 'n Eer is dit vir al sy gunsgenote! Halleluja!"

Dit is duidelik uit hierdie skrifgedeelte dat **lofprysing God se oordeel op die bose** afbring. Toe Paulus en Silas vir God geprys het tydens middernag, het Hy hulle verlos. Toe Josafat God geprys het in **2 Kron. 20**, het die Here veroorsaak dat drie vyandige nasies onder mekaar begin veg en mekaar vernietig.

5. Gebedsketting / Gebedswag.

Ander vorme van strategieë wat aangewend word in territoriale bevrydings operasies, sluit in die opstel van **gebedskettings en gebedswake.** Gebedswake is intensief gekonsentreerde gebed vir spesifieke periodes en vir spesifieke strategiese doele.

Dit kan gebruik word om gewapende roof en diesulke sosiale ondeug in spesifieke gebiede te bekamp. Ook langs hoofweë en paaie gedurende hoë seisoen waar baie mense sterf in padongelukke.

Dit kan op so 'n manier gereël word dat verskillende groepe mense inkom om te bid op 'n roterende basis, miskien elke drie ure of soos elke groep besluit.

Gebedskettings kan ook opgestel word waar mense gevra word om een of twee ure te kies totdat 24-uur periodes gedek is, en sulke mense word aangestel om die spesifieke aantal ure wat hulle kies, in gebed te dek vir die gebied.

WANNEER DIE HERE, DIE BEVELVOERDER VAN DIE GEWAPENDE MAGTE VAN DIE HEMEL AAN JOU 'N OORLOGS-STRATEGIE GEE SOOS HY VIR JOSUA GEDOEN HET, IS DIE STRYD GEWEN MET MIN OF GEEN WORSTELING AAN JOU KANT.

DIE BELANGRIKSTE DING IS DAT MENSE BETROKKE IN TERRITORIALE BEVRYDING SENSITIEF MOET WEES VIR DIE INGEWINGS EN AANWYSINGS VAN DIE HEILIGE GEES. BID:

HERE, GEE AAN ONS DIE STRATEGIE OM HIERDIE STAD/DORP VIR U EN U KONINKRYK IN TE NEEM!! HALLELUJA!!

LAASTENS ...

"DEUR MY GEES" - Maak onmoontlikhede moontlik.

Sag. 4:6 "[6]*Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die woord van die HERE aan Serubbábel, naamlik: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskare."*

Hierdie was God se woorde aan Serubbabel, die goewerneur van Juda, met die belofte van sukses. As 'n Christen, kan jou sukses of oorwinning nooit verkry word deur jou krag of deur jou mag nie, maar deur die Gees van die Lewende God. Lewe en bedienings-sukses kom nie deur mag of krag nie, nie deur jou kontakte nie, nie deur jou skoonheid of intelligensie nie, maar deur Sy Gees. Hierdie woorde is gesê aan Serubbabel op 'n tyd toe hy probleme ondervind het terwyl hy met 'n bou-projek besig was. Hy was besig om 'n tempel vir God te bou. Hy is omring deur baie vyande. Hierdie vyande het gesweer: ***"...hierdie tempel sal nooit gebou word solank as wat ons lewe nie".***

Sy teenstander Sanballat, het gesê, ***"...solank as wat ek Sanballat is, sal hierdie Huis nie gebou word nie."*** So het Serubbabel en die hele Juda so bang geword dat hulle die projek laat vaar het. Hulle het in hul harte gesê, ***"...die vyand sal ons nooit toelaat om ons doel te bereik nie."***

Dit was die rede waarom God aan hulle 'n profetiese woord gestuur het, ***"...nie deur krag, nie deur geweld, maar deur My Gees ..."***

"Jy sal sukses behaal deur my Heilige Gees." Hierdie selfde woord is vandag ook vir ons. Is jy so ontmoedig dat jy wil opgee? Sê die vyande van hierdie wêreld vir jou dat jy dit nie kan doen nie?

Vergeet hulle dreigemente, beledigings, spotterny en beskuldigings. Die Here sê aan jou dat dit nie deur jou krag of geweld gaan wees nie, maar deur Sy Gees.

God sê, "***Vertrou op My Gees, vertrou op My salwing, vertrou op My genade, en die taak sal uitgevoer word. Neem jou oë van mense af, neem jou oë af van jouself; moenie jou beperkinge in ag neem nie, neem jou oë af van die bietjie krag wat jy het, en fokus op die Heilige Gees, die Derde Persoon in die Drie-eenheid, die Een wat die onmoontlike moontlik maak, en daardie werk sal gedoen word."***

Die Heilige Gees is die antwoord op menslike swakhede en beperkinge.

Toe die vyand na Serubbabel gekom en gesê het dat sy projek nooit verder as fondasie-vlak sou kom nie, het God in antwoord gesê, ***"...deur My Gees sal dit gedoen word."***

Serubbabel was bemoedig! God het aan hom ‘n profetiese oorlogskreet gegee: ***“Wie is u, o groot berg – voor Serubbabel sal jy ‘n gelykte word”.***

Dit behoort ook jou oorlogskreet te wees. As jy kyk na daardie intimiderende probleem, moet jy dit aanspreek, en sê: ***“Wie is jy, o berg, God het gesê deur Sy Heilige Gees sal jy ‘n gelykte word. Ek is nie die een wat jou konfronteer nie, maar die Heilige Gees konfronteer jou; voor my sal jy ‘n gelykte word, in Jesus Naam!!”***

Ons kan staatmaak op die Heilige Gees om die onmoontlike vir ons te doen. Geen berg kan bly staan voor die Heilige Gees en steeds ‘n berg wees nie. In jou lewe, in die Naam van die Here van die Leërskare, sal jou onmoontlikhede moontlik word.

DEEL VIER:

GEBEDE

DIE HANTERING VAN SATANIESE AGENTE IN JOU STAD / OMGEWING.

Skrifgedeeltes:
Ps. 8:6; Dan. 2:2, 18; Eks. 7:10-12; 22:18; Deut. 18:9-12; Jes. 8:9-12

Hierdie **agente van duisternis** is die kruiedokters, hekse, towenaars, goëlaars, spiritualiste, duiwelskunstenaars, inheemse (toor)dokters, mense met familiêre geeste, ens.

Baie van hulle opereer ook deur **vals godsdienste** ten einde hul prooi te mislei. Sommige kan selfs Christenskap gebruik om hul bose aktiwiteite mee te verskans. Satan, wie 'n gees is, kan nie fisies op aarde opereer sonder hierdie agente nie. Hulle kontak die sataniese koninkryk deur offerande, oproepinge, towerspreuke, beswerings en vas. Hierdeur ontvang hulle mag om mense te beinvloed asook hul onmiddellike omgewing.

Hemelse Vader,

Ons kom voor U troon van Genade en Guns en ons staan in die gaping vir onsself, ons gesinne, ons omgewing, ons stad, in Jesus Naam.

Deur die krag van die Heilige Gees, neutraliseer ons die invloed van sataniese agente in ons eie lewens, dié van ons gesinne en stad, in die Naam van Jesus Christus.

Ons vernietig elke **sataniese verbond** wat gemaak is deur towenaars, astroloë, sterrekykers en goëlaars, wat gemaak is met die sterre, die son, en maan oor die grondgebied van _____ (noem jou stad/dorp) in die Naam van Jesus.

Ons draai en herroep sulke verbonde in die Almagtige Naam van Jesus.

Ons gebruik die teken van die Bloed van Jesus om die **handgeskrewes van ordonnansies** uit te vee, geprogrammeer deur bose mense in die hemelliggame en hul elemente, oor die grondgebied van _____ (noem stad/dorp), in Jesus Naam.

Ons **voer U oordeel** uit teen elke sataniese priester/priesteres wat towerspreuke bedien aan die son, maan en sterre oor ons stad/dorp in die Naam van Jesus Christus. Ons eis hul siele op volgens **Ps. 2:8**. Ons vra U, Here, om hulle te red deur U Almagtige Krag, Genade en Guns.

Ons neem die **Sleutels van die Koninkryk** en ontsluit al die gevangenes van toordokters en valse profete in hierdie stad/dorp van _____ (noem die stad/dorp), in Jesus Naam.

Ons verklaar dat al die siektes waarmee toordokters mense geteister het, genees sal word wanneer hulle bedien word, in Jesus Naam.

Vader, laat U heerlikheid afkom op hierdie stad/dorp van nou af, in die Almagtige Naam van Jesus.

Ons bevry almal wat in gevangeneskap is van die Nuwe Era groep, Eckankar, Rosicrucianism, Amorc, Vrymesselary, en alle ander kultusgroepe, nl: _____, in die Naam van Jesus Christus.

Vader, open die oë van hierdie mense sodat hulle Jesus Christus as hul Heer en Redder kan aanvaar. **(Luk. 4:18).**

Ons bind die **gees van vrees vir dood** en **vrees vir aanval** in die lewens van diegene wat Jesus wil aanneem as hul persoonlike Here, in Jesus Naam. Ons sny alle strafgerig en terugslag van die vyand af, in Jesus Naam.

Ons beveel die territoriale geeste van _____ (noem jou eie gebied) om al die **siele** van manne en vroue wat in gevangeneskap gehou word van **slegte gewoontes** en **vals godsdienste**, te laat los in die Naam van Jesus.

Ons verklaar dat die son ons nie gedurende die dag sal steek nie, en ook nie die maan in die nag nie, in die Almagtige Naam van Jesus. **(Ps. 121:6)**

Laat alle bose woorde teen ons en ons gesinne vanaf enige altaar wat opereer word deur sataniese agente, stilgemaak word, in die Naam van Jesus.

Elke **bose profesie en verklaring** teen die stad / omgewing van _____ (noem die naam) deur sataniese agente, verklaar ons nou nietig, in die Almagtige Naam van Jesus.

Geweld sal nie langer gehoor word in die stad/omgewing van _____ (noem) nie, ook nie vermorsing of vernietiging binne haar grense nie. Die **mure** van ons stad/dorp sal genoem word **Redding** en haar **poorte** sal genoem word **Lofprysing**, in die Naam van Jesus. **(Jes. 16:18)**

Ons ontslaan en gooi omver alle sataniese agente wat die reën van God se heerlikheid en herlewing van ons grondgebied weerhou, in die Naam van Jesus.

Ons verlam die aktiwiteite van sataniese agente wat teen sukses, oorwinning en deurbraak werk in ons lewens, in die Naam van Jesus. Vader, laat U Gees van genade en smeekbede, U salwing van gebed en intersessie op die wagters en die intersessors van hierdie stad/dorp kom, in die Naam van Jesus Christus.

Ons vra U, Vader, om diegene te genees en te verlos wat gewond is deur sataniese agente, in die Naam van Jesus. Ons verklaar 'n nuwe dekking van Lig, Heerlikheid en God se Geregtigheid oor ons stad/dorp/omgewing, in Jesus Naam.

Ons vaardig 'n goddelike ontslagbevel uit aan alle sataniese agente wat opereer in ons stad/dorp/omgewing, in Jesus Naam.

AMEN

DIE HANTERING VAN DIE SATANIESE POORTE VAN JOU STAD / DORP / OMGEWING

Skrifgedeeltes:
Mat. 16:18; Gen. 22:17; Jes. 26:1-2; Jes. 60:1; Dan. 2:48-49; Est. 2:21; Ps. 107:16; Jos. 6:1-5; Ps. 24:7-10.

GEBED

Vader, in die Naam van Jesus, ontvang ons U Sterkte, Lewe, Mag en Krag om die geveg na die poort van die vyand te draai.

As ons nou begin oorlog voer Vader, gee aan ons die regte woorde om te sê en salf ons tonge met die vuur van die Heilige Gees, in Jesus Naam.

Ons verskuif elke geveg in ons lewens na die drumpel van die vyand, in Jesus Naam.

On beveel elke sataniese samekoms en helse vergadering teen alle evangelistiese uitreike in ons kerke en stede om vernietig te word in die Naam van Jesus. Ons vernietig enige sataniese vergadering en organisasie wat in die stad/dorp van _____ opereer (noem stad/dorp), in die Naam van Jesus.

Ons profeteer tot elke **poort** wat oorlog voer teen ons vooruitgang, voorspoed, vrede, gerief en vordering in die lewe, **om julself nou uit te lig,** in die Naam van Jesus.

Ons profeteer tot elke **oeroue deur** wat ons uitsluit van ons **erfenis** in hierdie stad/dorp, om oop te gaan, in die Naam van Jesus.

Ons open al die poorte van _____ (noem die stad/dorp) vir God se rykste seëninge om in te vloei, in Jesus Naam.

Ons ontslaan elke sataniese **poortwagter** wat ons weerhou van ons Kanaan seëninge, in die Naam van Jesus.

Ons sny onsself en ons gesinne los van enige **kollektiewe gevangeneskap** en slawerny tot sonde, siekte en armoede wat voorgeskryf is deur enige geestelike poorte, in die Naam van Jesus Christus.

Ons profeteer vir die Oostewind om enige wolk van boosheid, verdoemenis, ramp, probleme, vernietiging en dood oor ons lewens en dié van ons gesinne, ons omgewings en ons kerke weg te waai, in die Naam van Jesus Christus.

Ons verbied en weerhou alle werkinge van sataniese poorte in ons lewens en ons omgewings in die Naam van Jesus.

Ons ontslaan alle sataniese **poortwagters** wat waak oor die poorte van _____ (noem die stad/dorp), in Jesus se Almagtige Naam. Ons vra U, Vader, om U engele opdrag te gee en uit te plaas as die poortwagters van hierdie stad/dorp.

Ons spreek tot alle sataniese poorte wat die mense van _____ (noem stad/dorp) blokkeer sodat hulle nie Jesus Christus as Here kan aanneem nie, om te verkrummel soos Jerigo se mure en poorte verkrummel het, in die Naam van Jesus.

In die Naam van Jesus en deur die krag van Sy Bloed, spreek ons tot die inwoners van hierdie stad/dorp, dat hul **oë sal oopgaan** en dat hulle **na Christus sal terugkeer**, in Jesus Naam.

Ons neem gesag oor al die **watergeeste** in _____ (noem die stad/dorp) wat mense in gevangeneskap en bindinge hou, ons bind hulle in Jesus Naam en beveel dat hulle nou hul gevangenes laat gaan, in Jesus Naam.

Ons vra U, Vader, om 'n sterk **eetlus en begeerte** vir die dinge van God oor die mense van hierdie stad/dorp los te maak, in Jesus Naam.

Ons profeteer oor die stad/dorp dat vrede, liefde, vooruitgang, toename, voorspoed en Hemelse deurbraak sal begin manifesteer, in die Naam van Jesus. Ons verklaar dat **slegs** Jesus Christus sal heers as Here oor hierdie stad/dorp!

Ons profeteer dat van vandag af sal die Here op elke woonplek in hierdie stad en ons plekke van samekoms , 'n wolk- en rookkolom in die dag en die gloed van 'n vlammende vuur in die Nag, plaas, in die Naam van Jesus.

Vader, U alleen is ons verdediging en U Naam is 'n sterk toring vir ons om in te hardloop.
Ons betree ons erfenis met geweld hierdie jaar, in Jesus Naam. Ons verklaar dat vanaf hierdie dag vorentoe, geen sataniese muur en geen sataniese poort in staat sal wees om die evangelie in hierdie land / grondgebied te stop nie, in Jesus Naam.

Vader, dankie vir die ineenstorting en val van oeroue poorte en die oplig van ewigdurende deure, in Jesus Naam!!

AMEN.

VERWYSINGS

- **Prayers that avail much**
  Germaine Copeland

- **Kneeling on the Promises**
  Jim Goll

- **Fighting the Battles of Life**
  Grace Johnson

- **Victorious Warfare**
  Harold Caballeros

- **The Secret of Breakthrough Prayers**
  Moses Aransiola

- **Advancing in Prayer**
  Moses Aransiola

- **Listen to me, satan!**
  Carlos Annacondia

- **Prophetic Role of the Church in our cities**
  Debo Daniel

- **Experiencing God's Power**
  Derek Prince

- **Mysterious Secrets of the Dark Kingdom – The Battle for Planet Earth**
  J.P. Timmons